

GESPREKFORUMS : 'n INSTRUMENT VIR WERKERDEELNAME IN DIE
SUID-AFRIKAANSE POLISIE

DEUR

MARIUS JANSE VAN RENSBURG BA, HONS, H B A

SKRIPSIE AANGEBIED TER GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN
DIE VEREISTES VAN DIE GRAAD

MAGISTER IN BEDRYFSADMINISTRASIE

IN DIE

FAKULTEIT VAN BESTUURS- EN EKONOMIESE WETENSKAPPE

AAN DIE

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR
ONDERWYS

PROMOTOR : PROF P C SCHUTTE

OKTOBER 1994
POTCHEFSTROOM

OPGEDRA AAN MY OORLEDE GADE, MIZPHA JANSE VAN RENSBURG (SNR)
EN MY DOGTERS, MIZPHA EN MARINET JANSE VAN RENSBURG.

UIT DANKBARE ERKENNING VIR AL HULLE LIEFDE EN OPOFFERING

VOORWOORD

Hiermee my opregte dank aan al daardie persone en instansies wat my direk of indirek tydens die verloop en realisering van hierdie studie tot hulp of stimulus was.

'n Besondere woord van dank aan my oorlede gade en ons dogters Mizpha en Marinet vir hulle besieling, opofferings en geduld. Die werklik innige en gewaardeerde dank hiervoor kan moeilik verwoord word.

'n Woord van besondere dank en waardering aan my promotor professor P C Schutte. Die erkenning en dank wat hy verdien kan onmoontlik in 'n enkele woord gestel word.

Aan die Nagraadse Skool vir Bestuurswese, P U vir CHO, my opregte dank en waardering vir die Christelike inslag en die vorming van my bestuursdenke en -vaardighede.

Baie dankie ook aan Lizette Louw vir die moeilike taak om die verslag te tik, Charne Schoeman vir die statistiese verwerking asook Heidi van der Westhuizen vir die taalkundige versorging van die studie.

Aan Hom kom toe al die eer, lof en dank vir daardie genadegawes wat hierdie studie bemoontlik het. Ek besef dat ek nou net gedeeltelik ken, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken.

Die skrywer

ABSTRACT

TITLE OF DISSERTATION :

LIAISON FORUMS: AN INSTRUMENT FOR EMPLOYEE PARTICIPATION IN THE SOUTH AFRICAN POLICE

AUTHOR

MARIUS JANSE VAN RENSBURG

STUDY LEADER

PROF P C SCHUTTE

DEGREE

MAGISTER IN BUSINESS ADMINISTRATION

DEPARTMENT

POST GRADUATE SCHOOL FOR MANAGEMENT
P U F O R C H E

LANGUAGE

AFRIKAANS

SUMMARY

Chapter one represents a broad perspective of liaison forums as part of employee participation functioning within the South African Police. As a primary goal, the acceptability as well as the efficiency of liaison forums are being questioned. As secondary goal, stumbling blocks were addressed.

Chapter two consists of the theoretical basis for this empirical research. Relevant theoretical contributions of historical and contemporary writers were dealt with. Employee participation was linked to several aspects closely related to employee participation.

Chapter three reflects the basic objectives, the goals, the research methodology as well as the findings of this study. The critical factors influencing the acceptability as well as the efficiency of liaison forums were identified.

Chapter four contains perspectives on the conclusion and the recommendations. It was concluded that liaison forums are acceptable but that several aspects do influence the efficiency thereof. The recommendations reflect responsibility of management towards the formulation of strategies for employee participation training (which includes liaison forums), the importance of line management and the functions of labour relations in respect of the labour practitioner and internal communication.

INHOUDSOPGAWE

BLS

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.	OORSIG	1
2.	PROBLEEMSTELLING	3
3.	DOEL VAN DIE STUDIE	5
4.	VERWYSINGSRAAMWERK	5
5.	NAVORSINGSMETODIEK	6
6.	BEGRIPSOMSKRYWING	7
6.1	BESTUUR	8
6.2	MENSLIKE HULPBRONBESTUUR	9
6.3	BESTUUR VAN ARBEIDSVERHOUDINGE	10
6.4	WERKERDEELNAME	11
6.5	KOLLEKTIEWE BEDINGING	11
6.6	GESPREKFORUMS	12
7.	BEPERKINGE VAN DIE STUDIE	14

HOOFSTUK 2

DIE TEORIE VAN WERKERDEELNAME: ENKELE RELEVANTE PERSPEKTIEWE

1.	INLEIDING	15
2.	HISTORIESE ONTWIKKELINGE	15
3.	ENKELE HISTORIES-TEORETIESE BYDRAES	16
3.1	Follet (1868-1933)	17

3.2	Barnard (1886-1961)	17
3.3	Münsterberg (1863-1916)	18
3.4	Mayo (1880-1949)	19
3.5	Maslow	20
3.6	Herzberg	21
3.7	Atkinson	22
4.	ENKELE KONTEMPORÊR-TEORETIESE BYDRAES	24
4.1	Van Rhijn	24
4.2	Wall en Lischeron	25
4.3	Anthony	26
4.4	Tylczak	26
4.5	Hodgetts	27
4.6	Vogt en Murrell	28
4.7	Holley en Jenings	31
4.8	Bendix	32
4.9	Japannese Konsep	33
5.	ORGANISASIES EN WERKERDEELNAME	35
6.	DEMOKRASIE EN WERKERDEELNAME	39
7.	PRODUKTIWITEIT EN WERKERDEELNAME	44
7.1	BESTUURSBESLUIT EN WERKERDEELNAME	44
7.2	KOMMUNIKASIE EN WERKERDEELNAME	45
7.3	SPANWERK EN WERKERDEELNAME	45
7.4	VERTROUE EN WERKERDEELNAME	47
7.5	ORGANISASIEVERANDERING EN WERKERDEELNAME	48
7.6	KREATIWITEIT/INNOVASIE EN WERKERDEELNAME	49
7.7	KONFLIK EN WERKERDEELNAME	50

7.8	DESENTRALISERING EN WERKERDEELNAME	50
7.9	POSVERRYKING EN WERKERDEELNAME	51
8.	STRUIKELBLOKKE EN EFFEKTIEWE WERKERDEELNAME	52
9.	DEELNEMINGSVORME	55
10	KOLLEKTIEWE BEDINGING EN WERKERDEELNAME	59
11.	OPENBARE ORGANISASIES EN WERKERDEELNAME	60
12	SLOTOPMERKING	62

HOOFSTUK 3

DIE UITVOERING VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

1.	INLEIDING	64
2.	IDENTIFISERING VAN DIE PROBLEEM	65
3.	OMSKRYWING VAN DIE PROBLEEM	66
4.	KEUSE VAN DIE TOEPASLIKE STATISTIESE METODE	66
4.1	DIE AARD VAN DIE STUDIEONDERWERP	66
4.2	DIE UNIVERSUM WAT BESTUDEER WORD	67
4.3	DIE INSTRUMENT WAARVOLGENS DATA INGESAMEL WORD	68
4.4	UITLEG VAN VRAELYS	69
4.4.1	BIOGRAFIESE PROFIEL	69
4.4.2	STIGTING VAN GF'S	69
4.4.3	FUNKSIONERING VAN GF'S	70
4.4.4	BESTUUR VAN GF'S	71
4.4.5	RANGVERTEENWOORDIGING	74
4.4.6	KNELPUNTE EN PROBLEME	74
4.4.7	BESTUURSKULTUUR VERSUS GF'S	74

4.4.8	BELANGRIKSTE OOGMERKE VAN GF's	75
4.4.9	STRUIKELBLOKKE	76
4.4.10	VOORSTELLE	76
4.5	DIE GEBRUIKERS VAN DIE BEVINDINGE	76
4.6	DIE NAVORSER	77
5.	UITVOERING VAN 'N VOORSTUDIE	77
6.	UITVOERING VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	79
7.	ONTLEDING VAN DIE EMPIRIESE DATA	79
7.1	AGTERGROND	79
7.2	ALGEMENE WAARNEMINGS	80
7.3	AFKORTINGS GEBRUIK	81
7.4	DIE ALGEMENE RESPONS	82
7.5	DIE BIOGRAFIESE PROFIEL VAN DIE RESPONDENTE	83
7.6	BEVINDINGE VAN DIE JA-RESPONS	91
7.7	SAMEVATTING	130

HOOFSTUK 4

BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

1.	GEVOLGTREKKING	131
1.1	ORIËNTASIE	131
1.2	BREë PERSPEKTIEWE	131
1.3	OPERASIONELE FUNKSIONERING VAN GF's	134
1.4	OUTONOME BESTUURSELFSTANDIGE FUNKSIONERING	135
1.5	KOMMUNIKASIE	135

1.6	DIE NEE-RESPONS	136
1.7	PROBLEMATIEK	137
1.8	SLOTSOM	138
2.	AANBEVELINGS	138
2.1	WERKNEMER AS BELANGRIKSTE BATE	138
2.2	STRATEGIEë	139
2.3	OPLEIDING	140
2.3.1	ALLE WERKNEMERS	140
2.3.2	HEROPLEIDING	140
2.3.3	LYNBESTUUR	140
2.4	ARBEIDSVERHOUDINGE	141
2.4.1	DIE ARBEIDSPRAKTISYN	141
2.4.2	INTERNE KOMMUNIKASIE	141
2.5	SLOTOPMERKING	141
	BRONNELYS	143

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1. OORSIG

Menslike Hulpbronbestuur kan onder meer as die wetenskaplike bestudering van menseverhoudings beskou word. Meer spesifiek kan verwys word na daardie bepaalde menseverhoudings wat tussen die bepaalde gemeenskap, die spesifieke onderneming en sy onderskeie werknemers bestaan. Hierdie verhoudings word soms ook as 'n vennootskapsverhouding beskou.

Die dinamika van Menslike Hulpbronbestuur as 'n vakwetenskap, word deur 'n verskeidenheid van spesialisiteitsrigtings op sy studieterrein gekenmerk. Een van die meer onlangse ontwikkelings en uitbreidings is deelnemende bestuur, waar die bepaalde verhouding tussen bogeskikte en ondergeskikte prominensie verkry.

Die Japannese kan as die grondleggers van deelnemende bestuur in sy kontemporêre vorm beskou word. Hierdie verhouding tussen bogeskikte en ondergeskikte kulmineer by die Japannese tot 'n graad van effektiewe samewerking en vennootskap. Hierdie standpunt is vir bestuur, soos binne Westerse ondernemings waarneembaar, ongekend (Hod-

getts 1990:473 en Fulmer 1988:235).

Binne die Suid-Afrikaanse Polisie bestaan daar ook 'n bepaalde militêre verhouding by die bestuur van die onderneming. Enersyds word die Suid-Afrikaanse Polisie se bogeskiktes deur sy offisiërskorps verteenwoordig en andersyds verteenwoordig sy onderoffisiere sy ondergeskiktes. As grondslag van hierdie bepaalde verhouding, spreek Jetro se woorde aan Moses ook tot ons:

"Want die saak is te swaar vir jou; jy kan dit nie alleen doen nie...kies...bekwame mense...stel die aan oor hulle.. owerstes oor...Maak dit so ligter vir jou en laat hulle saam met jou dra" (Exodus 18:18-22).

Uit die voorafgaande kom die beginsels van arbeidsverdeling en arbeidspesialisasie na vore. Die basiese uitgangspunte vir deelnemende bestuur is implisiet ook hierin vervat, te wete:

- * die betrokkenheid van ander persone by besluitneming
- * die gebruikmaking van andere se kundigheid
- * gedeelde gesag en mag
- * gedeelde verantwoordelikheid en
- * eienaarskap.

2. PROBLEEMSTELLING

Die Suid-Afrikaanse Polisie het tot die besef gekom dat die para-militêre karakter, struktuur en kultuur, beperkinge op die spontane deelname van alle werknemers aan die proses van bestuursbesluitneming plaas.

Met die aanvaarding van die beleid van deelnemende bestuur, is daar gevolglik na 'n verskeidenheid van instrumente vir die bevordering van werkerdeelname gekyk. Die gevolg was dat gesprekforums (GF's) in die lewe geroep is om werkerdeelname as een van die instrumente van deelnemende bestuur te bevorder. Hierdeur word alle werknemers van die Suid-Afrikaanse Polisie die geleentheid gebied om kollektief formeel, maar tog ook op 'n meer indirekte vlak, by besluitneming betrokke te raak.

Gesprekforums (GF's) het die volgende ten doel:

**DIE BYEENBRING VAN WERKERS MET GEMEENSKAPLIKE
RANGVLAKKE/FUNKSIES**

om

TE FOKUS OP GEMEENSKAPLIKE WERKVERWANTE AANGELEENTHEDE

in die soeke na 'n

GEMEENSKAPLIKE OPLOSSING VIR WERKVERWANTE PROBLEME

om sodoende op informele en indirekte vlak

BY BESTUURSBESLUITNEMING BETROKKE TE RAAK

in die daarstelling van

'N EFFEKTIEWE SUID-AFRIKAANSE POLISIE

VERGELYK OOK SCHUTTE (1992:7)

As uitgangspunt word die stelling gemaak dat GF's 'n belangrike instrument vir die bevordering van werkerdeelname in die Suid-Afrikaanse Polisie is.

In die vestiging van GF's word 'n wisselende mate van sukses bereik. Enersyds is daar duidelik waarneembare suksesresultate van GF's aangeteken. Andersyds word ondervind dat sekere GF's teen 'n slakkepas vorder en in ander gevalle glad nie funksioneer nie.

3. DOEL VAN DIE STUDIE

Hierdie studie het primêr ten doel: Om die aanvaarbaarheid en effektiwiteit van gesprekforums vir die bevordering van werkerdeelname binne die Suid-Afrikaanse Polisie te bepaal.

Indien hierdie studie bepaalde gebreke rakende die aanvaarbaarheid en die effektiwiteit van gesprekforums sou aandui, is 'n newedoelwit, om hierdie gebreke uit te lig en aan te toon.

4. VERWYSINGSRAAMWERK

Die komponent Arbeidsverhoudinge van die Suid-Afrikaanse Polisie is primêr gemoeid met die vestiging en instandhouding van gesprekforums as een van die pro aktiewe instrumente om gesonde arbeidsverhoudinge te bevorder.

Hierdie studie vind binne die breë studieterrein van Menslike Hulpbronbestuur plaas. Dit geskied meer spesifiek binne 'n spesialiteitsrigting op die terrein van Arbeidsverhoudinge.

5. NAVORSINGSMETODIEK

Eensyds word 'n literatuurstudie gedoen. Hierdeur word 'n prinsipiële-teoretiese basis vir deelnemende bestuur gegee met spesifieke verwysing na werkerdeelname. In Hoofstuk 2 sal die prinsipiële-teoretiese verkenning gereflekteer word, waar ondermeer die volgende aspekte bespreek sal word:

- * die historiese ontwikkeling van werkerdeelname
- * die begrip werkerdeelname
- * vorme van werkerdeelname
- * werkerdeelname en kollektiewe bedinging en
- * struikelblokke in die pad van werkerdeelname.

In Hoofstuk 3 gaan die verkreë kennis toegepas word deur bemiddeling van 'n empiriese ondersoek aan die hand van 'n vraelys wat oorwegend gestruktureerd sal wees. Om die betroubaarheid van die empiriese ondersoek te verhoog, sal die skrywer as alleen veldwerker vir die direkte afneem van vraelyste optree. Met hierdie vraelys gaan die aanvaarbaarheid en die effektiwiteit van gesprekforums in die bevordering van werkerdeelname getoets word.

'n Beskrywing van die aard van die ondersoek, die gestruktureerde vraelys, die proses van inligting-

versameling en die bevindinge van die studie, word in Hoofstuk 3 bespreek.

Met inagneming van die bepaalde resultate wat met die onderskeie vraelyste behaal is, sal gevolgtrekkings en aanbevelings oor gesprekforums as instrument vir werkerdeelname in Hoofstuk 4 gereflekteer word.

6. BEGRIPOMSKRYWINGS

'n Vakman word deur sy gereedskap gekenmerk. Vir die gedragswetenskaplike, vorm sy begripomskrywings juis hierdie "gereedskap" waarmee gewerk word. Slegs die belangrikste begrippe vir die onderhawige tema word hier aangestip. Uit die aard van die tema, sal werkerdeelname meer prominensie in Hoofstuk 2 van die prinsipieel-teoretiese grondslag vir hierdie studie geniet.

Verder moet dit beklemtoon word dat daar soveel begripsomskrywings kan bestaan as wat daar skrywers is. Ons behoort ons egter nie te laat mislei om sodoende te glo dat die onderhawige tema verwarrend en onduidelik is. Ons beklemtoon dit as verskillende perspektiewe binne 'n relatiewe jong spesialiteitsrigting op die terrein van arbeidsverhoudinge. Derhalwe word daar met enkele begripsomskrywings volstaan.

6.1 BESTUUR

Die tradisionele siening van bestuur word sinvol deur Stoner (1978:7 en verder) asook Kroon (1978:1 en verder) saamgevat en bestaan hoofsaaklik uit:

- * Basiese bestuurstake, dit wil sê:
beplanning, organisering, aktivering en beheer
- * Bykomende bestuurstake, dit wil sê:
besluitneming, kommunikasie, motivering, koördinerings, delegering en dissiplinering

Mary Parker Follet (Stoner 1978:7) se begrip oor bestuur as "the art of getting things done through people", dui op 'n mensgeoriënteerde benadering wat aktueel is vir die meer resente beskouing oor bestuur.

In die verband wys Fulmer (1988:vii) op die karaktertrekke wat 'n nuwe bestuurder behoort te openbaar, naamlik:

- * Om mense te kan oriënteer
- * Om te kan implementeer: maak dat dinge gebeur
- * Om oor eksterne perspektief te beskik: nie in isolasie bestuur nie
- * Om gesofistikeerde stelsels voor te staan

- * Om oor 'n kompeterende gees te beskik
- * Om oor 'n pragmatiese, aanpasbare vermoë wat teenstrydighede kan hanteer te beskik en
- * Om te kan oriënteer vir die toekoms.

Ten slotte wys Schutte (1992:36-37) daarop dat die nuwe weg vir bestuur is om:

- * te lei
- * te bemagtig
- * te evalueer en
- * vennootskappe te sluit

6.2 MENSLIKE HULPBRONBESTUUR

As uitvloeisel van die beskrywing van bestuur, is menslike hulpbronbestuur, met in agneming van alle ander hulpbronne, spesifiek toegespits op die bestuur van sy menslike hulpbronne, dit wil sê 'n geïntegreerde benadering word gevolg.

Dit moet nooit uit die oog verloor word nie dat "human business is line business" (Schutte 1992:38).

Die primêre operasionele funksie is toegespits op die verkryging, die ontwikkeling, die vergoeding, die integrering, die instandhouding en die skeiding van

menslike hulpbronne in die bereiking van die oogmerk van die organisasie, sy werknemers asook die gemeenskap waarbinne gefunksioneer word (Flippo 1980:5).

Ten opsigte van menslike hulpbronbestuur is die nuwe uitdagings geleë in 'n nuwe visie oor die basiese bestuurstake, wat ondermeer die volgende behels:

- * mobilisering
- * aktivering
- * fasilitering
- * leidinggewing
- * katalisering
- * taksering en
- * onderdeling (Schutte 1992:36-38).

6.3 BESTUUR VAN ARBEIDSVERHOUDINGE

As 'n spesialiteitsrigting van menslike hulpbronbestuur, is die fokuspunt hier 'n bepaalde interpersoonlike verhouding wat tussen die organisasie, soos verteenwoordig deur sy bestuur, en al sy werknemers bestaan (Kroon 1978:398).

Voorts dui hierdie interpersoonlike verhouding op belangrike interne en eksterne verhoudinge tussen die organisasie, bestuur, werknemers en die breë gemeenskap.

6.4 WERKERDEELNAME

Werkerdeelname moet die wyd-moontlikste konteks gesien word. Nel et al (1993:12-13) beskou dit as die mate waartoe werknemers die besluite wat hulle raak, beïnvloed.

Vir Anthony (1978:3) is dit die proses waardeur werknemers by die besluitnemingsproses betrokke is. Hy beklemtoon die aktiewe betrokkenheid van alle werknemers, waardeur hulle kundigheid en kreatiwiteit tot die oplossing van belangrike bestuursprobleme bydra, en wat op gedeelde mag en gesag berus.

Soos uit die meer gedetailleerde bespreking in Hoofstuk 2 sal blyk, word die volgende as wissel terme van werkerdeelname beskou, naamlik:

- * deelnemende bestuur
- * industriële demokrasie
- * werkerdemokrasie en
- * bemagtiging

6.5 KOLLEKTIEWE BEDINGING

Kollektiewe bedinging (Kroon 1978:404) kan beskou word as die proses waardeur waardes uitgeruil word. Dit is

'n poging om 'n ewewig te bewerkstellig tussen industriële of gesamentlike belange teenoor die reg van die gemeenskap op arbeidsvrede en produktiwiteit.


Daar word egter met 'n eie omskrywing volstaan naamlik, as daardie vorm van werkerdeelname waardeur werknemers organiseer, hetsy formeel of informeel, direk of indirek, om belange wat oorwegend van gemeenskaplike aard is, met bestuur te beding.

6.6 GESPREKFORUMS

Gesprekforums (GF's) is daardie kollektiewe betrokkenheid van werknemers by bestuursbesluitneming wat op 'n meer indirekte dog formele rang-, senioriteit-, funksionelevlak gebaseer is.

Diagram 1.1 dien as illustrasie van die voorafgaande. Daar word as't ware vanaf bestuur op die werkgewer en werknemerverhouding ingefokus, en meer spesifiek op gesprekforums as kollektiewe beïnvloedingsmeganisme op bestuursbesluite.

DIAGRAM 1.1 : 'N GEÏNTEGREERDE SIENING VAN BESTUUR



7. BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

Enersyds is gesprekforums 'n relatief unieke instrument vir werkerdeelname binne 'n para-militêre opset, soos die Suid-Afrikaanse Polisie, wat beperkinge op die beskikbaarheid van soortgelyke instrumente plaas.

Andersyds is die begrip werkerdeelname 'n nuwe begrip, veral binne 'n para-militêre opset, wat noodwendig 'n beperking op beskikbare relevante literatuur plaas.

HOOFSTUK 2

DIE TEORIE VAN WERKERDEELNAME: ENKELE RELEVANTE PERSPEKTIEWE

1. INLEIDING

Daar is verskeie wanpersepsies oor die begrip werkerdeelname. Hierdie wanpersepsies word enersyds deur 'n gebrek aan teoretiese fundering teweeggebring, en andersyds word daar nie met die dinamiese veranderinge op die terrein van arbeidsverhoudinge, en meer spesifiek werkerdeelname, tred gehou nie.

2. HISTORIESE ONTWIKKELINGE

Holley et al (1991 en verder) onderskei drie basiese tydperke in die historiese ontwikkeling van werkerdeelname, naamlik:

- * 1869 tot die Eerste Wêreldoorlog
- * Eerste Wêreldoorlog tot die Tweede Wêreldoorlog en
- * Tweede Wêreldoorlog tot tans.

Anthony (1978:6) koppel die historiese ontwikkeling van werkerdeelname weer aan die Industriële Rewolusie, wat

die volgende tydperke verteenwoordig:

- * voor Industriële Rewolusie
- * tydens Industriële Rewolusie en
- * na Industriële Rewolusie.

Vir hierdie bespreking is dit egter belangrik dat werkerdeelname nie 'n nuwe begrip is nie. Wat wel van belang is, is die konteks waarbinne dit sy beslag gekry het, asook die wyse waarop dit toegepas word. 'n Voorlopige verwysing na die historiese bydrae tot werkerdeelname deur die Japannese word egter nodig geag (Vergelyk Hodgetts 1990:473 en Fulmer 1988:vii). Die vernuwende en dinamiese perspektief wat hulle aan werkerdeelname gegee het, is vir werkerdeelname in sy kontemporêre vorm van onskatbare waarde.

3. ENKELE HISTORIES-TEORETIESE BYDRAES

Dit is ondenkbaar om van werkerdeelname te praat sonder om na die bydrae van die klassieke gedragwetenskaplikes te verwys. Belangrik vir ons bespreking, moet ons egter daarop wys dat die gedragwetenskaplike benadering 'n teenvoeter vir tekortkominge van die klassieke benadering was (Vergelyk Kroon 1986:48 en Stoner 1978:44).

3.1 Follet (1868-1933)

Haar begrip van menslike gedrag word in haar begrip van bestuur as "the art of getting things done through people" weerspieël (Vergelyk Stoner 1978:7).

Sy verwys ook na die natuurlike vennootskap wat tot stand kom deurdat arbeid en bestuur 'n gemeenskaplike doel, as lede van dieselfde organisasie, nastreef.

3.2 Barnard (1886-1961)

Die grondslag van Barnard se organisasieteorie is sy ondervinding as President van die New Jersey Bell Company, asook sy kennis van die sosiologie en filosofie (Vergelyk Stoner 1978:45).

Sy bydrae tot werkerdeelname kom in kort neer op:

- * mense wat in organisasies groepeer om sodoende te bereik wat hulle as individue nie kan bereik nie
- * werkers vorm informele groepe waardeur indirekte en persoonlike doelwitte bevredig word
- * organisasies kan slegs doelwitte bereik indien werkers se persoonlike behoeftes ook bevredig word en

- * balansering van hierdie onderskeie doelwitte is noodsaaklik vir effektiwiteit.

Barnard (Stoner 1978:268) brei verder hierop uit deur daarop te wys dat werkers kommunikasie as gesaghebbend kan en sal aanvaar indien die volgende toestande gelyktydig voorkom, naamlik:

- * dat so 'n werker kommunikasie kan verstaan
- * dat so 'n werker, wanneer hy 'n besluit neem, oortuig is dat dit nie teenstrydig is met die doelwitte van die organisasie is nie
- * dat so 'n werker, wanneer hy 'n besluit neem, oortuig is dat dit versoenbaar is met sy persoonlike belange en
- * dat so 'n werker dit verstandelik en liggaamlik kan nakom.

3.3 . Münsterberg (1863-1916)

Münsterberg was oortuig dat hy, deur die bestudering van menslike gedrag, bedryfsielkundige tegnieke kon ontwikkel om werkers tot groter produktiwiteit aan te spoor (Vergelyk Stoner 1978:46 en Kroon 1986:52).

Produktiwiteit kan derhalwe verhoog word deur:

- * die bes moontlike man te vind
- * die bes moontlike werk te skep en
- * die bes moontlike effek te bewerkstellig.

3.4 Mayo (1880-1949)

Elton Mayo en sy kollegas het bekendheid verwerf met hulle "Hawthorne-effek" wat die resultaat was van 'n navorsingsprojek by die Hawthorne-aanleg van Western Electric. Die navorsingsprojek het vyf jaar geduur.

Daar heers grootliks ooreenstemming betreffende die bevindinge van hierdie navorsing oor menslike gedrag. (Vergelyk Etzioni 1964:32-36, Stoner 1978:47-48 en Kroon 1986:53-54). Die wesenlike daarvan, vir werkersdeelname, is die volgende:

- * Die vlakke van produksie word bepaal deur sosiale norme en nie fisiologiese vermoëns nie
- * Intrinsieke vergoeding het 'n betekenisvolle invloed op werknemers se gedrag en beperk grootliks die effek van ekstrinsieke vergoeding
- * Werknemers handel en reageer eerder as lede van 'n

groep en nie individueel nie en

- * Die belangrikheid van leierskap vir die daarstelling en afdwingbaarheid van groepnorme, asook die verskil tussen informele en formele leierskap, vorm 'n belangrike aanpassing in die wetenskaplike bestuursbenadering.

3.5 Maslow

Maslow se behoeftevoorrangstruktuur word nog algemeen aanvaar as een van die belangrikste bydraes tot menslike motivering (Vergelyk Stoner 1978:412-415, Anthony 1978:20 en Kroon 1986:430-434).

Hierdie motiveringsteorie is meer kompleks en omvattend as wat met die eerste oogopslag blyk. Die belangrikste elemente vir ons onderhawige tema is dat:

- * individue hierdie behoeftes, met 'n verskil op elke onderskeie vlak, vertoon
- * die vervulling van 'n spesifieke behoefte nie onderhewig of ondergeskik aan 'n substansiële bevrediging van enige laer orde behoefte is nie
- * die versadigingsvlakke ten opsigte van elke behoefte

van individu tot individu verskil en

- * die hoër orde behoefte se versadigingsvlakke moeilik meetbaar en bereikbaar is.

3.6 Herzberg

Herzberg se motiveringsteorie dui weer op daardie faktore wat die mens in 'n spesifieke pos motiveer. (Vergelyk Stoner 1978:418-420, Anthony 1978:21 en Kroon 1986:438-439). Hierdie faktore toon ooreenkoms met die hoër orde behoeftes van Maslow.

Enersyds onderskei hy tussen "higiëne" faktore wat nie noodwendig motiveer nie, maar wat wel in hulle afwesigheid demotiverend is, naamlik:

- * fisiese faktore, bv werksomstandighede
- * sosiale faktore, bv sosiale interaksie
- * ekonomiese faktore, bv salaris en
- * sekuriteitsfaktore, bv veiligheid en beskerming.

Die ander faktore wat hy onderskei is die eintlike motiveerders waarvan die bevrediging bydra tot werknemers se permanente tevredenheid, naamlik:

- * erkenning vir wat gedoen word

- * behaling van prestasie
- * deelname in besluitnemingprosesse en
- * groei betreffende bevordering.


3.7 Atkinson

Atkinson het basies drie dryfvere vir menslike gedrag en werksverrigting in sy model saamgevat (Stoner 1978:416 en Schollhammer et al 1979:16), wat ooreenstem met die hoër orde behoeftes van Maslow:

- * 'n ACH-selfverwesenliking - om iets te wil bereik
- * 'n POW-mag - om te strewe na mag en
- * 'n FILL-affiliasie - om te affilieer en te assosieer.

In die verband wys Schutte (1992:4 en 27), dat daar in ooreenstemming met verskeie navorsing bevind is dat hierdie drie aspekte sleutelfaktore vir werktevredenheid is.

DIAGRAM 2.1. : LAER- EN HOËR-ORDE BEHOEFTES



Die spreekwoordelike vergelyking met 'n ysberg is ook hier van toepassing. Ons kan die laer orde behoeftes van werknemers met die sigbare punt van die ysberg vergelyk. Hierteenoor verteenwoordig die dieperliggende ysmassa onder die water die oorwegend hoër orde behoeftes waarvan die laaste woord nog nie gespreek is nie.

4. ENKELE KONTEMPORÊR-TEORETIESE BYDRAES

4.1 Van Rhijn

Van Rhijn(1969:12) omskryf medeseggenenskap as "Het recht van in iets mede te mogen spreken. In 't bijzonder het recht van werknemers om in het beheer van ezen onderneming of een bedrijf mee te spreken".

Medeseggenenskap is hier 'n wisselterm vir werkerdeelname. Van Rhijn beskou dit as 'n reg van werknemers, en hierdie begrip gebruik hy ruim. Dit omvat in hoofsaak die volgende:

- * medewete : hoofsaaklik op kommunikasie en informasie gerig
- * medespraak : oorleg en advies deur en met werknemers en
- * medebeslissing : deur en met inaggenome werknemers.

Verder onderskei hy ook tussen verskillende vorme van demokrasie (Vergelyk Van Rhijn op cit:41). In 'n ondersoek tot watter mate demokrasie beslag kry waar werknemers verteenwoordiging in ondernemingsrade het, was bestuur se respons dat 38% van die werknemers se kundigheid bevredigend was, 47% was minder bevredigend en 15% was onbevredigend (Vergelyk Van Rhijn op cit:74).

4.2 Wall en Lischeron

Wall en Lischeron(1977:37) wys daarop dat die hoogste graad van deelname gevind word waar bestuur en werknemers ewe veel invloed op besluitneming het. Invloed en beheer is nie vir hulle wisseltermen en werknemers het 'n aansienlike, indien nie totale, outonome invloed op hulle poste.

Deelname aan die besluitnemingsproses (vergelyk Nel et al 1991:35-36), behels breedweg die volgende elemente, naamlik:

- * beïnvloeding van die besluitnemingsproses
- * uitvoering deur die proses van interaksie en
- * gebaseer op die deel van inligting.

4.3 Anthony

Deelnemende bestuur (Anthony 1978:3) is hier 'n proses waarby ondergeskiktes by die besluitnemingsproses betrokke is. Die grongslag van hierdie proses behels:

- * die aktiewe betrokkenheid van werknemers
- * gebruikmaking van die kundigheid van werknemers
- * gebruikmaking van die kreatiwiteit van werknemers
- * die oplossing van belangrike bestuursbesluite en
- * gedeelde mag en gesag.

Die werknemersbetrokkenheid omvat aansienlik meer as net die "liggaam" wat 'n onderneming huur. Dit sluit onder meer nie net die fisieke nie, maar ook die intellektuele en emosionele ego en taakbetrokkenheid van individuele werknemers asook werknemergroepe in (Vergelyk Anthony 1978:9 en Beach 1991:357).

Daar word toenemend na hierdie betrokkenheid, wat daar tussen 'n werkgewer en sy werknemers bestaan, verwys as 'n vennootskapsverhouding.

4.4 Tylczak

In sy boek oor "Effective Employee Participation" (1990:13-14), brei hy veral uit op wat werkerdeelname

inhou, naamlik:

- * Werknemers voel beter oor prosedure- en proses-verbeterings as wat bestuurders daarvoor voel.
- * Werknemers beskik oor 'n meer diverse agtergrond wat handig te pas kom by probleemoplossings.
- * Werknemers kan eksperimenteer sonder om sake te belemmer. Werknemers kan knoei en spartel met nuwe idees sonder om veel aandag te trek. Wanneer bestuur egter dieselfde doen, veroorsaak dit bekommernis.
- * Werknemers se idees word beter ontvang en
- * Wenkestelsels verbeter organisasiefunksionering. Bestuur kan nie alles self doen nie. 'n Effektiewe wenkestelsel sal eerder fasiliterend as belemmerend vir bestuur dien.

Sy grootste bydrae is geleë in die voordele wat 'n wenkestelsel, as instrument vir werkerdeelname, vir organisasies kan inhou.

4.5 Hodgetts

Vir Hodgetts (1990:5) bestaan daar 'n botsing van

belange tussen werknemers en die organisasie, en dit kan deur werkerdeelname versoen en oorbrug word.

Hy beklemtoon dat werknemers nie net goed behandel wil word nie, maar ook goed benut wil word. Dit hou gevolglik in dat werkers se kundigheid en kreatiwiteit ter ondersteuning van organisasiebelange benut word.

Deelnemende leierskap word ook beklemtoon waar 'n hoë prioriteit vir mens en werk geld. Dit impliseer nie dat afstand gedoen moet word van gesag nie. Daar word eerder na delegasie met verantwoordelikheid as 'n voorvereiste verwys. Bestuursprerogatiewe bly staande deurdat bestuur nog steeds die finale keuse maak, maar dat die werknemers die alternatiewe daarvoor verskaf.

4.6 Vogt en Murrell

Vogt en Murrell (1990:8) huldig 'n pragmatiese benadering, met die klem op dit wat kan wees, eerder as dit wat was. TOFLER verwys weer na "future shock", en Vogt et al (1990:12) na krisisse wat organisasies in die gesig staar, naamlik: energie, verwarring, konflik, stres, vervreemding en geestelike aspekte.

Hierdie uitdagings wat aan bestuur gerig word, kan voorkom word deur bemagtiging van werknemers vir sosiale

verandering.

Bemagtiging (empowerment) beteken dat werknemers in staat gestel, veroorloof en toegelaat word om betrokke te wees. Hierdie betrokkenheid kan deur werknemers self of deur ander geïnisieer word. Dit kan verder uitgebrei word deur saam te werk en te deel. Die balans tussen "high-tech" en "high-touch" word egter benadruk (op cit 26).

Voorts is die oorsprong van bemagtiging in motivering, en meer spesifiek selfagting, selfaktualisering en die organisasielewe gesetel. Thomas et al, soos aangehaal deur Vogt et al (1990:66-67), verwys na drie aspekte wat van belang is vir bemagtiging, naamlik:

(i) Oortuigingstelsels

Die mens se selfoortuiging, wêreldbeskouing en selfkonsep moet bemagtigingmetodes toelaat om gedrag te beïnvloed, maar moet ook ingestel wees op die doel en metodes van bemagtiging op sigself.

(ii) Waardebepalings

Vier basiese aspekte word onderskei, naamlik:

* impak : maak ek die verskil

- * vermoë : het ek die vaardighede
- * betekenis : lewer ek 'n betekenisvolle bydrae en
- * vordering : groei/vorder ek.

(iii) Bepalings

Drie basiese aspekte word onderskei, naamlik:

- * toerekening : identifiseer redes vir sukses of terugslae
- * evaluering : beoordeel tot watter mate dit funksioneel is vir 'n persoon se welsyn en
- * beskouing : skep 'n duidelike dog helder beeld van sukses.

Hulle benadering tot beheer (op cit 23-25) hou bepaalde bestuursuitdagings in deurdat:

- * mag in posisies en persone geskep moet word sodat dit ook versprei kan word
- * beheer vervang word met koördinerings, integrering en fasilitering en
- * dit leierskap herdefinieer wat die proses van inlig, besluit, beplan, evalueer, motiveer en ontwikkel

vereis waardeur 'n bemagtigde bestuurder geskep word wat in staat sal wees om die organisasie op die pad van bemagtiging te lei.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat bemagtiging van werknemers sinoniem is vir werkerdeelneme.

4.7 Holley en Jenings

Holley et al (1991:4) benadruk dit weer dat werkerdeelneme 'n middel tot 'n doel is. Die primêre doel is daarin geleë om organisasiedoelwitte te bereik. Werkerdeelneme is daardie instrument of middel om gesonde arbeidsverhoudinge te bewerkstellig waardeur organisasiedoelwitte bereik kan word.

Holley et al (op cit 27) is voorstanders van 'n holistiese, dog geïntegreerde siening. Hulle illustreer dit met die voorbeeld van 'n skoenmaker. Waar elkeen slegs 'n bepaalde komponent van 'n skoen vervaardig (spesialisasie), staan almal as 'n skoenmaker bekend.

'n Nadeel van die bydrae is gesetel in 'n oorbeklemtoning van vakbondaktiwiteite. Dit is egter belangrik dat werkerdeelneme nooit 'n doel op sigself mag wees nie, maar wel 'n middel tot 'n groter doel, naamlik om

organisasiedoelwitte te bereik.

4.8 Bendix

Bendix et al (1991:66-67) wys daarop dat werkerdeelname uit 'n toestand van nood gebore is. Die waarde van werkerdeelname as 'n pro-aktiewe instrument van gesonde arbeidsverhoudinge, waarby bestuursprerogatiwe nie genegeer word nie (op cit 77), is egter ook belangrik.

Waar 'n klimaat van openhartige bestuurstyle oorheersend is, is en bly 'n effektiewe kommunikasiestelsel 'n voorvereiste vir enige inisiatief, program of beleid rakende werkerdeelname.

Hulle beklemtoon ook die klemverskuiwing van bestuurder na leier (Vergelyk Bendix et al 1991:397). Die oogmerke van werkerdeelname is nie om bestuurders van hulle verantwoordelikhede los te maak nie. Hier is eerder sprake van 'n verspreiding van verantwoordelikhede en besluitneming oor 'n breë spektrum. Hierdeur word meer tyd beskikbaar gestel om te lei. Die nuwe eise aan bestuur sal gevolglik wees om oor visie te beskik, waardes gereeld en openlik afwaarts te kommunikeer, sigbaar te wees en deur voorbeeld te dien.

4.9 Japannese konsep

'n Studie sonder vermelding van die alombekende Japannese bydrae tot werkerdeelname, is ontoereikend. Hierdie studie leen hom egter nie tot 'n volledige bespreking van hulle bydrae nie. Enkele gedagtes, veral betreffende werkerdeelname, is wel onontbeerlik.

Een van hulle belangrikste bydraes is geleë in die nuwe siening oor bestuur (Fulmer 1988:vii-xii) en veral die nuwe karakter wat dit moet aanneem. Dit moet:

- * 'n mens-benadering wees
- * iemand wees wat dinge laat gebeur
- * eksterne perspektief hê deurdat bestuur nie in afsondering bestaan nie, maar bepaalde verhoudinge na binne en na buite handhaaf
- * 'n oriëntasie vir die bestaan en gesofistikeerdheid van stelsels hê
- * 'n kompeterende gees openbaar
- * pragmatisme, buigbaarheid en die vermoë hê om teenstrydighede te kan hanteer en
- * 'n oriëntasie vir en na die toekoms wees.

'n Organisasie is vir hulle voortdurend in 'n proses van verandering (op cit 197-199) en werkerdeelname is noodsaaklik. Enersyds bring dit steun vir verandering

mee en andersyds moet die sosiale en sielkundig faktore van verandering erken word.

Waar werknemers soos outomate hanteer word (op cit 235), deur voorgesê te word wat, hoe en wanneer wat gedoen moet word, sal hulle meganies, emosieloos en onverskillig handel. Hierteenoor kan bestuur, werknemers 'n integrale deel van die proses maak deurdat werknemers georganiseer, vertrou en uitgedaag word. Trots en geesdrif moet aangemoedig word terwyl bestuur deurentyd verbonde en sigbaar bly. Hierdeur sal bestuur 'n onuitputbare bron van energie en onbeperkte mag ontdek.

Hodgetts (1990:470-473) skryf die sukses van die Japannese in hoofsaak toe aan:

- * Bestuur wat sy werknemers bestudeer en lang tydperke saam met hulle deurbring, waardeur pro-aktief probeer word om verandering waar te neem en te bepaal watter hindernisse ondervind kan en sal word
- * Bestuur wat werknemers aktief by verandering betrek deur hulle idees, menings, bekommernisse en vrese aan te hoor en strategieë te ontwikkel om dit te kan hanteer
- * Ondersoeke wat noukeurig gedoen word; byvoorbeeld, wat

gedoen behoort te word en watter probleme ondervind kan word. Die beginsel van "smarter" werk teenoor meer werk, is hier van toepassing

- * Werkers word nie beskuldig wanneer dinge verkeerd loop nie. Die blaam word op bestuur en die stelsel waarvolgens bestuur werk, geplaas en
- * Die spanwydte van beheer wat verbeter word deur gebruik te maak van "platter" organisasiekulture waardeur meer effektiewe kommunikasie daargestel word en waardeur burokratiese rompslomp verminder word.

5. ORGANISASIE EN WERKERDEELNAME

Die sosiale aard van die mens is opgesluit in Genesis 2:18 "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke." Organisasies bestaan immers uit mense wat 'n netwerk van sosiale verhoudings inhou. Hierdie sosiale aard van die mens lê juis die grondslag vir werkerdeelname binne enige organisasie.

Etzioni (1964:3) omskryf organisasies as sosiale eenhede of menslike groeperinge wat sodanig georden is dat spesifieke doelwitte bereik kan word. Vir Hodgetts (1990:5) is die doelwitte van 'n organisasie primêr

geleë in oorlewing, groei en winsgewendheid. Etzioni brei verder hierop uit en wys op die volgende kenmerke van organisasies:

- * Die verdeling van arbeid, mag, kommunikasie en verantwoordelikheid waarvan die verdeling doelbewus beplan is om die bereiking van spesifieke doelwitte te ondersteun
- * Die teenwoordigheid van een of meer beheer-(power) sentrums wat die samewerkende pogings van die onderneming beheer en op die bereiking van sy spesifieke doelwitte gerig is
- * Die vervanging van sy personeel by wyse van verwydering, verplasing en bevordering.

Hodgetts (1990:5) wys verder daarop dat die doelwitte van 'n werknemer primêr daarop gemik is om:

- * 'n goeie besoldiging te verkry
- * onder toereikende werksomstandighede te werk
- * geleentheid te kry om interpersoonlik te verkeer en
- * interessante dog betekenisvolle werk te kan verrig.

Shutt et al (1975:2-3) en Hodgetts (1990:5) is oortuig dat hier 'n botsing van belange tussen die organisasie

en die werknemers ontstaan. Die versoening en oorbrugging daarvan is die taak van bestuur wat deur bemiddeling van werkerdeelname bewerkstellig kan word.

Die doelwitte van 'n organisasie dien verskillende oogmerke. Die meer algemene is 'n toekomstige toestand waarna 'n organisasie streef. Etzioni (1964:5) wys ook daarop dat organisasies sosiale eenhede is wat spesifieke oogmerke nastreef en "their very raison d'etre is the service of these goals". Vandaar dan ook die beantwoording van die vraag oor organisasiedoelwitte as meester of dienskneg.


In die navolging van 'n sosiaal-sistemiese benadering, is dit dan ook duidelik dat 'n organisasie nie in afsondering bestaan nie. Bepaalde wedersydse wisselwerking vind tussen die onderskeie subsysteme plaas (Vergelyk Holley et al 1991:4).

Anthony (1978:23-24) wys verder op twee belangrike determinante wat ten grondslag lê van beïnvloeding vanuit die omgewing, naamlik:

- * die homogeniteit/heterogeniteit van die mense in die omgewing wat bedien word en
- * die graad van ordelikheid binne sodanige omgewing.

Dit is ook opmerklik hoe die IAO (Internasionale Arbeidsorganisasie) 'n wesenlike invloed het in die opstel van die verskillende partye se handves van menseregte wat tans op die onderhandelingsstafel lê. Suid-Afrika kan dan ook tereg as 'n oop sisteem beskou word.

DIAGRAM 2.2 : SUID-AFRIKA : 'n SISTEMIESE BESKOUIING



Illustrasie : Suid-Afrika : 'n Oop sistemiese beskouing

6. DEMOKRASIE EN WERKERDEELNAME

Die woord demokrasie hou vir verskillende skrywers en mense uiteenlopende betekenis in. Die tersaaklikheid van werkerdeelname is egter van kardinale belang. Aansluitend by die voorafgaande bespreking oor organisasies, onderskei Meister (1984:141) drie fases in die lewe van 'n organisasie, naamlik oorwinning (conquest), ekonomiese konsolidasie en naasbestaan (co-existence). Bepalend vir naasbestaan, wat ook werkerdeelname inhou, is die mag van die administrateurs.

Lipset, Trow en Coleman, soos aangehaal deur Meister (1984:157) brei hierop uit en wys op die elemente wat op die teenwoordigheid van demokrasie dui, naamlik:

- * Demokrasie **bestaan slegs** met 'n gelyke verspreiding van welvaart en dit 'n hoë risiko van ryk minderhede inhou (Aristoteles verwys hier na "demagoge").
- * Demokrasie **kan bestaan** waar sosiale eenhede betreklik klein is en die inwoners (burgers) die regering direk kan waarneem.
- * Demokrasie **is moontlik** waar lede nie slegs met hul eie organisasie, maar ook by subgroeperinge daarbinne affilieer. Hierdie affiliasie dien as 'n kommuni-


kasiekanaal vir die lede en subgroeperinge. Dit kristalliseer in neigings, organisasiebelange en teenstand.

Hoe is demokrasie dan waarneembaar? Resultate deur Linkert, soos aangehaal deur Hodgetts (1990:470), werp meer lig op die onderwerp. Hierdie studie wys op die indruk van deelnemers oor die mate waartoe werkers betrokke is en waardeur demokrasie gevolglik waargeneem kan word, naamlik:

- * 70% van dié topbestuur sê dat hul bykans altyd hul ondergeskiktes betrek terwyl 52% van hul voormanne met topbestuur saamgestem het.
- * 73% van dié voormanne sê dat hul bykans altyd hul ondergeskiktes betrek terwyl slegs 16% werkers met hul voormanne saamgestem het.

Die voormelde dui weer op 'n siening van bestuur. Fulmer (1988:235) plaas outokrasie en demokrasie op 'n kontinuum waarby die outokratiese bestuurder meer posgerig is, teenoor die demokratiese leier wat meer mens/werknemer gerig is. Hodgetts (1990:310) onderskei weer tussen vier bestuurstyle, naamlik outoritêre, paternalistiese, "laissez-faire" en deelnemende bestuurstyle.

DIAGRAM 2.3 : BESTUURSTYLE



BRON : Aangepas uit Hodgetts (1990:310)

- wys op formele kommunikasie
- wys op informele kommunikasie
- < > dui die rigting aan

Bendix et al (1991:399) praat weer van werkerdemokrasie. Hy gaan in sy omskrywing oor tot die uiterste wat daarop neerkom dat die werknemers 'n totale beheer oor die werkplek het. Dit is vir 'n organisasie belangrik dat daar ook op bestuursprerogatiewe gewys word (op cit

1991:66-67).

Van Rhijn (1969:41 en verder) wys op die noue verband tussen medesegenskap en die vorme van demokrasie. Getrou aan die Nederlandse wysgerige grondslag, brei hy meer spesifiek uit op materiële demokrasie wat as 'n sedelike ideaal beskou word. Alle betrokkenes in 'n lewenskring ontvang soveel moontlik inspraak en is medeverantwoordelik uit eerbied vir die medemens. Medesegenskap kan hier gelykgestel word aan werker-deelname.

Hodgetts (1990:208) onderskei tussen industriële demokrasie en deelnemende bestuur. Industriële demokrasie dui vir hom op werknemersverteenvoordinging op die verskillende vlakke van besluitneming, wat formeel en normaalweg wetlik gemagtig is. Hierteenoor stel hy deelnemende bestuur as 'n informele "face to face" leierskap, waardeur bestuur en werknemers besluitneming in die werkplek deel.

In teenstelling hiermee wys Torrington et al (1979:38) weer op kollektiewe bedinging waar vakunie-/werknemersverteenvoordinging op strategiese besluitnemingsvlakke bestaan. Hulle omskryf industriële demokrasie as:


"A form in which the participation of employees is

developed via representative democracy at the boardroom level to influence, or to make, the major strategic decisions of the organisations"

Uit die voorafgaande is dit duidelik hoekom die skrywer vir die doeleindes van hierdie studie die volgende begrippe as sinonieme/wissel terme vir werkerdeelname beskou, naamlik industriële demokrasie, werkerdemokrasie en deelnemende bestuur.

Demokrasie se versoenbaarheid met werkerdeelname is in die graad van betrokkenheid van werkers geleë, soos in die onderstaande geïllustreer:

Diagram 2.4



BRON : Onbekend

Slater en Bennis, soos aangehaal deur Anthony (1978:59), kom tot die gevolgtrekking dat : "Democracy is inevitable because it is the only system which can successfully cope with the changing demands of contemporary civilisation".

7. PRODUKTIWITEIT RE WERKERDEELNAME

Baie is reeds, en word steeds oor produktiwiteit geskryf. Min skrywers kan egter ooreenstem oor wat dit nou eintlik is. Ons volstaan met Schutte (1985:3) se omskrywing as die "uitset/opbrengs/produksie wat met behulp van bepaalde hoeveelheid insette/produksiefaktore, gedurende 'n bepaalde periode, behaal word".

Ter illustrasie van die diversiteit van produktiwiteit word enkele dimensies daarvan in verhouding tot werkerdeelname gestel. Deur van werkerdeelname gebruik te maak, word 'n gunstiger klimaat geskep waardeur produktiwiteits-verbetering kan plaasvind.

7.1 BESTUURSBESLUIT EN WERKERDEELNAME

Bestuursbesluite kan deur werknemerbetrokkenheid verbeter (Vergelyk Anthony 1978:29 en 140, Stoner 1978:175, Bendix et al 1991:397 en Wall et al 1977:37). Die beginsel van twee koppe is beter as een, geld ook hier. Deur gebruik te maak van werknemers se intellektuele, kreatiewe en innoverende vermoëns, word 'n wye keuse van alternatiewes vir bestuur geskep. Die kwaliteitbesluite wat bestuur op hierdie basis neem, sal noodwendig beter wees.

7.2 KOMMUNIKASIE EN WERKERDEELNAME

Kommunikasie is en bly seker een van die belangrikste aspekte vir bestuur. Werkerdeelname is juis een van hierdie belangrikste fasette (Vergelyk Anthony 1978:29 en 140 asook Bendix et al 1991:371) waardeur opwaartse, afwaartse en horisontale kommunikasie verbeter kan word.

Schutte (1992:28-29) het bevind dat 'n gebrek aan hartlike en vriendelike (eienaarskeppende) kommunikasie ondermeer daarvoor verantwoordelik is dat 'n laer en ontoereikende vlak van produktiwiteit in organisasies gehandhaaf word. Voorts (op cit 9) was 86% van die steekproef (hoofuitvoerende beamptes) se rede vir die implementering van werkerdeelname onder meer om kommunikasie te verbeter.

7.3 SPANWERK EN WERKERDEELNAME

In meer formele en komplekse organisasies is spanwerk, deur onder meer selfgerigte taakspanne, belangrik vir die oplossing van 'n verskeidenheid komplekse organisatoriese probleme (Anthony 1978:29).

Navorsingsresultate oor werkerdeelname, deur Schutte (1992:12), wys op die faktore wat bestuur kan verander om spanwerk te verbeter, naamlik:

- * verbetering van vertroue, gesamentlik gevestig deur bestuursbetrokkenheid, verbondenheid en sigbaarheid
- * hartlike en vriendelike (eienaarskeppende) kommunikasie
- * billike en innoverende erkenningspraktyke
- * toereikende geleenthede om 'n bydrae van waarde te lewer waardeur 'n gevoel om belangrik vir die organisasie te wees, geskep word
- * effektiewe en toereikende opleiding om behoorlik in 'n groep te funksioneer en
- * bestuur se voortgesette ondersteuning en 'n sorgsame benadering.

Meister (1984:3-4) wys ook daarop dat werkerdeelname juis psigologiese en sosiale behoeftes bevredig. Een van hierdie behoeftes is dié aan affiliasie of identifisering met 'n groep, wat as gevolg van vervreemding en vereensaming teweeggebring word. Juis hierdeur word saambindende verhoudinge met werknemers gevestig en dit is bevorderlik vir die esprit de corps. Dit is egter ook sinergisties van aard.

7.4 VERTROUE EN WERKERDEELNAME

Vertroue is 'n wesenlike bestanddeel van die verhouding wat tussen bestuur en werknemers heers. Dit is belangrik dat hierdie vertroue wederkerig moet wees.

Bestuur se vertroue in sy werknemers is onder andere waarneembaar in die mate waarin die bemagtiging (in staat stel, veroorloof en toelaat) van werknemers geskied (Vogt et al 1990:8 en Fulmer 1988:304):

DIAGRAM 2.5

BESTUURSVERTROUE

	Werknemers betrokke by werkerdeelname	Werknemers onbetrokke by werkerdeelname
Vertroue in bestuur	74%	62%
Redes:	bereid om te luister steun aan werkers oplos van probleme skep werktevredenheid	eerlikheid van bestuur gereelde terugvoer billikheid
Wantroue in bestuur	26%	38%
	outokratiese bestuurstyl swak toesighouding nie toepaslike erkenning	hoor/weet nooit waarheid begunstiging: alive/well outokratiese bestuurstyl

BRON : Aangehaal uit Schutte (1992:13-14)

Werkkerdeelname stimuleer die gewilligheid van werknemers om die gesag en mag van bestuur te aanvaar. Dit is in

hoofsaak gegrond op vertroue in die bestuur, en die resultaat is dat werknemers besef dat:

- * bestuur, 'n vrymoedigheid skep om te luister
- * bestuur, spanwerk ondersteun en omgee en
- * bestuur, werknemers met mag bekleed en as medevennote met die nodige verantwoordelikeheidsin beskou.

7.5 ORGANISASIEVERANDERING EN WERKERDEELNAME

Soos reeds voorheen gemeld, is organisasies lewend en hulle verkeer voortdurend in 'n proses van verandering en aanpassing. Waar werknemers by strategieë, betreffende hierdie verandering, betrokke is, sal hierdie veranderinge meer geredelik deur hulle aanvaar word.

Bendix et al (1991:66-67) wys juis daarop dat werkerdeelname uit 'n toestand van nood gebore is, daar werknemers noodsaaklik geword het vir die oorlewing van die organisasies.

Waar Toffler verwys het na "future shock", word algemeen verwys na krisis (Vogt et al 1990:12) wat organisasies in die gesig staar. Dit is juis hierin dat die geleentheid vir bemagtiging/deelname ter oorlewing van

die organisasie gesetel is. Vergelyk Fulmer (1988:197-199) waar werkerdeelname as noodsaaklik vir die proses van verandering beskou word.

As voorbeeld word verwys na 'n gevallestudie gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Enersyds was daar 'n tekort aan vars melk, en andersyds was daar 'n oorskot van poeiermelk. Waar die mense gesê het, en selfs bereid was om poeiermelk te gebruik, was die suksesprestasie slegs 15%. Waar die mense betrek was en die omstandighede verduidelik en bespreek was, het die verbruik tot 50% gestyg.

Werkerteelname kan gevolglik beskou word as die belangrikste instrument vir die fasilitering en die aanvaarding van verandering.

7.6 KREATIWITEIT/INNOVASIE EN WERKERDEELNAME

Dit is 'n welbekende feit dat die kreatiewe en innoverende denke van werknemers 'n aansienlike finansiële bydrae maak tot die besparing van tyd, kostes en uitgawes.

Die vorme wat gebruik word, kan wissel van 'n wenkestelsel, 'n gehaltekring, taak/projekspanne, jishowen of kaizen. Fulmer (1988:235) praat van die

onuitputlike bron wat wag om ontdek te word. Tylczak (1990:13) brei hierop uit deur veral na die waarde en voordele van 'n wenkestelsel as die belangrikste instrument vir werkerdeelname te verwys.

7.7 KONFLIK EN WERKERDEELNAME

In enige organisasie is konflik onvermydelik. Die wyse waarop konflik egter hanteer word, kan die traumatiese belewenis daarvan grootliks verminder.

Hoe ontstaan konflik dan? Van Rhijn (1969:71) praat van die vervreemding van die werker as gevolg van rasionalisasie, meganisasie en outomatisasie. Hierteenoor wys Vogt et al (1990:12) daarop dat konflik uit krisis wat organisasies ondervind voortspruit. Vir Hodgetts (1990:5) is die wortel van hierdie konflik tereg die botsing van die organisasie se belange en die belange van die werknemer. Werkerdeelname is dan juis die oorbrugging en versoenende instrument vir hierdie konflik.

7.8 DESENTRALISERING EN WERKERDEELNAME

Daar is reeds gewys op die voordele van 'n eenvoudiger organisasiestruktuur. Dit behels ook dat bepaalde mag en gesag vir die doeleindes van besluitneming,

gedelegeer moet word (Vergelyk Hodgetts 1990:473).

Die snelveranderende omgewing waarin alle organisasies hulleself bevind, noodsaak werkerdeelname. Bemagtiging van werknemers, in terme waarvan bepaalde verantwoordelikheid en aanspreeklikheid in 'n gedesentraliseerde opset fugireer, is noodsaaklik (Vogt et al 1990:8).

7.9 POSVERRYKING EN WERKERDEELNAME

Dit is sekerlik so dat alle partye nie noodwendig sal ervaar dat werkerdeelname normaal en posverrykend is nie (Anthony 1978:140). Die meerderheid sal egter beleef dat hulle daardeur 'n intergrale deel van die organisasie is. Sodoende sal die moraal van werknemers daadwerklik verhoog en posverrykend wees.

In samehang met die hoër orde behoeftes (vergeelyk paragrawe 3.5 tot 3.7), asook die navorsingsresultate van Schutte (1992:28), is bevind dat:

- * werkers voldoende geleentheid soek om iets van waarde te bereik
- * werkers begeer om hartlik en in die gees van omgee, bestuur en mee gekommunikeer te word
- * werkers voortdurend ondersteun wil word

- * werkers behoorlik en kreatief erken wil word en
- * werkers behoorlik opgelei en ontwikkel wil word.

Skrywers (Monat 1986:71 en Fulmer 1988:304) is dit eens dat traagheid, arbeidsomset en afwesigheid teëgewerk word met werkerdeelname. Dit word bewerkstellig deurdat werknemers ervaar dat hulle 'n integrale deel van die organisasie is en elke onderskeie pos 'n betekenisvolle bydrae tot die bereiking van organisasiedoelwitte lewer.

8. STRUIKELBLOKKE EN EFFEKTIEWE WERKERDEELNAME

'n Verskeidenheid struikelblokke lê in die weg van effektiewe werkerdeelname. Deur hierdie struikelblokke uit te skakel, word juis 'n gunstige en byna ideale toestand vir effektiewe werkerdeelname geskep. Nel et al (1993:12-19) wys daarop dat effektiewe werkerdeelname neig om eerder simptomaties van arbeidsverhoudinge as van industriële harmonie te wees.

Anstey, soos aangehaal deur Nel et al (1993:12.33), wys op die belangrikste hindernisse vir effektiewe werkerdeelname as:

- * outokratiese bestuurstyle
- * agterdog en weerstand deur vakbonde
- * houdings van rassegroeperinge

- * ontoereikende opvoedingsvlakke
- * ontoereikende basiese diensvoorwaardes en salarisse
- * onbestendige sosio-politieke raamwerk en
- * gebrekkige betrokkenheid in strategiese inligting.

'n Beter begrip van struikelblokke word bewerkstellig indien dit volgens die oorsprong van die struikelblokke gekategoriseer word, soos in die diagram hieronder aangedui:

DIAGRAM 2.6 : BRON VAN STRUIKELBLOKKE

BRON	STRUIKELBLOK
1. Organisasie	struktuur kultuur (tradisie, filosofie en waardes) beleid, stelsels en prosedures
2. Bestuur	bestuurskultuur bestuurstyl beplanning delegering kommunikasie kundigheid vaardigheid
3. Werknemers	opleiding en ontwikkeling ingerigtheid vertroue taakoms krywing
4. Omgewing	tyd en koste spesifieke take werknemersverteenvoordinging wetgewing

BRON : Aangepas uit Anthony (1978:33-45).

Schutte (1992:10) het in sy empiriese navorsing 'n wesenlike bydrae tot werkerdeelname gelewer. Een van die bevindinge dui op die belangrikste struikelblokke vir werkerdeelname. In wese stem senior- en middelvlak-bestuur ooreen met die hoofuitvoerende beampste. Die struikelblokke is in die onderstaande diagram in volgorde van belangrikheid gerangskik:

DIAGRAM 2.7 : RANGORDE VAN STRUIKELBLOKKE

%	STRUIKELBLOK	VERANT- WOORDELIK= HEID
100	outokratiese organisasiekultuur	bestuur
100	gebrek by senior bestuur aan totale verbondenheid, sigbaarheid en ondersteuning	bestuur
91	swak kommunikasie	bestuur
91	swak mens-eienaarskap by lynfunksionarisse	bestuur
91	gebrek aan integrasie met bestuurstelsels	bestuur
91	nie-vakbond ondersteunende houding	bestuur
86	onsensitiewe en dreigende toesighouers	bestuur
73	gebrek aan betekenisvolle en aanvaarbare "bottom-up" waardes	bestuur & werkers
68	ongeletterdheid en gebrek aan opleiding en ontwikkeling	bestuur & werkers

BRON : Aangepas uit Schutte (1992:10).

Afgesien van omgewingsfaktore, soos byvoorbeeld wetgewing, blyk die taak vierkantig op die skouers van

bestuur te rus om struikelblokke uit die weg te ruim en daardeur 'n gunstiger klimaat vir werkerdeelname te skep.

9. DEELNEMINGSVORME

Die vorme wat werkerdeelname binne 'n onderneming aanneem, is onder meer 'n toonbeeld van die mate waartoe ondernemings 'n holistiese en geïntegreerde benadering vir werkerdeelname volg. Deelnemingsvorme wys andersyds ook op die aard en wese van werkerdeelname, soos gesien deur die "bril" van verskillende skrywers.

Meister (1984:4-6) benader werkerdeelname vanuit die wyse waarop werkerdeelname tot stand kom. In hoofsaak onderskei hy drie wyses van totstandkoming:

DIAGRAM 2.8 : TOTSTANDKOMING VAN WERKERDEELNAME

Ontstaanswyse	Inisiatief	Skeppingswyse	Sosiale funksie
1. Werklike deelname	Voorafbestaende groep deur tradisie geskep	Toeskrywing	Sosiaal-sentraal - Herhaling van gedrag aanvaarbaar deur die groep en milieu
2. Aangespoorde deelname	Nuwe groep ekstern geskep	Vrywillig, dog soms sterk aangespoor	Aanneem van gedrag wat ekstern as aanvaarbaar beoordeel word
3. Vrywillige /spontane deelname			
3.1 Vrywillige deelname	Self deur gestruktureerde groep geskep	Vrywillig	Behoefte skeppend van nuwe gedrag agv groepsinisiatief
3.2 Spontane deelname	Vrywillige en spontaan deur klein ongestruktureerde groep geskep	Spontaan	Laat afwykinge, oormatige druk toe/skep interpersoonlike verhoudinge
3.3 Vrywillige groepdeelname	Suiwer instrumenteel/funksioneel Groep in groot burokratiese organisasie	Spontaan	Vrywille groeps-kohesie wat emosionele verbondenheid bewerkstellig

BRON : Aangepas uit Meister (1984:4-6)

Die sentrale tema vir Shutt et al (1975:2-3) setel in die konflik tussen die belange van bestuur teenoor die belange van die werknemers. Werkerdeelname is

onderliggend vir die oorbrugging en versoening van hierdie onderskeie belange. Die volgende instrumentele vorme behoort gebruik te word, naamlik kommunikasie, raad-/bestuursverteenvoording, gedeelde eienaarskap, posverryking, medelotbepaling en werkerbeheer.

Hierteenoor wys Wall et al (1977:41-42) en Nel et al (1993:12.7 - 12.9) weer op 'n onderskeid tussen direkte en indirekte deelnemingsvorme. Direkte deelname verteenwoordig individuele deelname teenoor indirekte deelname wat in hoofsaak op verteenwoordigende deelname dui. Wall et al gaan verder en onderskei drie vlakke van deelname, naamlik:

- * lokale vlak : dit dui op hoogste ("shop steward")-vlak van deelname
- * medium vlak : dui op middel/seniorvlak van deelname en
- * afstandvlak : dui op hoër/topvlak van deelname.


Daar kan ook gewys word op die mate waartoe deelname gestruktureer word. Beach (1991:361) onderskei tussen formele en semi-formele, asook informele deelname.

Skrywer is dit eens dat werkerdeelname 'n verskeidenheid vorme kan aanneem. Dit kan wissel van 'n gesprek, hetsy formeel of informeel, wat bestuur met 'n werknemer voer tot kollektiewe bedinging tussen bestuur en sy werkers.

en/of werknemerverteenwoordigers. Die vorm van werkerdeelneme word verder deur die spesifieke samelewing waarbinne sodanige onderneming gesetel is, beïnvloed asook die bestuurskultuur en bestuurstyl van elke aparte onderneming.

Met die voormelde in gedagte, kan werkerdeelneme in hoofsaak op twee kontinue-aste geplaas word, soos hieronder aangedui:

DIAGRAM 2.9 : VORME VAN WERKERDEELNAME



10 KOLLEKTIEWE BEDINGING EN WERKERDEELNAME

Alhoewel 'n begripsomskrywing vir kollektiewe bedinging reeds in hoofstuk 2 vervat is, word werknemerdeelname hier meer breedvoerig toegelig. Ter aansluiting by vorige paragraaf, kan kollektiewe bedinging onder meer ook as 'n vorm van werkerdeelname beskou word.

Kollektiewe bedinging se ontstaan is veral te wyte aan die vermoë van werknemers om met bestuur te beding vir individuele en groepsbelange (Anthony 1978:57).

Kollektiewe bedinging, deur formeel georganiseerde, direkte werknemerverteenwoordiging (bv vakbondverteening), word gewoonlik oorbeklemtoon. (Vergelyk Anthony 1978:57 en Nel et al 1993:12.3). Die dinamika van informele en indirekte werknemerverteenwoordiging word gewoonlik as minder belangrik geag.

Skrywer beskou kollektiewe bedinging as: die proses waardeur werknemers organiseer om formeel en informeel, direk of indirek, kollektief met bestuur oor gemeenskaplike, en soms ook individuele belange te beding.

Vir die doeleindes van hierdie opdrag vorm gesprekforums

juis daardie instrument, alhoewel formeel georganiseerd, waardeur werknemers meer indirek, maar wel kollektief, met bestuur kan beding oor belange wat oorwegend gemeenskaplik van aard is.

11. OPENBARE ORGANISASIES EN WERKERDEELNAME

Anthony het 'n wesenlike bydrae op hierdie gebied gelewer met sy boek oor "Participative Management". Die argumente wat private en openbare organisasies gebruik oor waarom werkerdeelname nie kan werk nie, is basies dieselfde (op cit 1978:99). In die openbare organisasies voer bestuur gewoonlik die volgende redes aan:

- * Dit kan slegs in die privaatsektor werk
- * Dit werk nie in Staatsdepartemente nie
- * Staatsinstellings is te groot en burokraties gerat
- * Gegewe die aantal werknemers kan almal tog nie betrokke wees nie en
- * Staatsinstellings maak nie winste nie - hoe sal ons dan weet of dit werk?

Die bevindinge van Schutte (1992:9) waarom werkerdeelname juis geïmplementeer behoort te word, is ook op openbare organisasies van toepassing. Riglyne wat deur Anthony (1978:105) vir alle organisasies neergelê word, behels die volgende:

- * effektiewe intrinsieke en ekstrinsieke vergoeding
- * effektiewe vermeerdering van die konflik van belange tussen organisasies en werknemerdoelwitte
- * effektiewe (platter) organisasiestruktuur met minder bestuursvlakke wat maksimum delegasie en betrokkenheid toelaat
- * effektiewe kommunikasiestelsels
- * effektiewe werknemeradviesraad en
- * effektiewe werkerdeelname lei tot produktiwiteit en wins.

Die "aandeelhouer" in Staatsinstellings is daardie belastingbetalers wat tevrede gestel moet word. In Suid-Afrika word die belastingbetalers juis deur gekose persone verteenwoordig wat verteenwoordiging het in die parlement wat die hoogste gesag in die land uitmaak.

Alhoewel Staatsinstellings nie winsbejag en rentabiliteit op aandeelhoudersfondse najaag nie, is dit so dat 'n oorlewingstryd met die beskikbare fondse uit die staatskas gevoer word. By staatsinstellings is die klem eerder op uitgawebestuur waar surplusse wat

kostebesparend meegebring is, op ander en meer verdienstelike gevalle aangewend kan word. Produktiwiteit, veral hier, speel 'n rol waar meer met minder gedoen word.

Gegronde op 'n zerobasisbegroting (Anthony 1978:109) maak owerheidsinstellings toenemend gebruik van:

- * MBO : Doelwitbestuur
- * KVA : Kostevoordeel-analises
- * PO : Prestasie-ouditering
- * PBBS : Programbeplanning-begrotingstelsels.

Anthony (op cit:109) beklemtoon dit dat owerheidsinstellings ontslae moet raak van die CYA-beginsel ("cover your ass") waar hoogsgesentraliseerde gesag en mag, asook administratiewe rompslomp voorkom. Die oplossing en uitweg tot effektiewe openbare organisasies is geleë in werkerdeelname.

12 SLOTOPMERKING

Die voormelde vorm enersyds die prinsipieel-teoretiese grondslag van die onderhawige studie. Andersyds is gepoog om die meerderheid wanpersepsies oor werkerdeelname te ondervang.

Verskeie gesaghebbendes beskou werkerdeelname as een van die grootste uitdagings vir bestuur en die oorlewing van organisasies in die 1990's. Giliomee (1989:64) beklemtoon die toenemende betrokkenheid van werknemers, enersyds tot besluite wat hul poste raak, andersyds betreffende besluite van en oor die organisasies. (Vergelyk Anthony 1978:59). Schutte (1992:29) brei hierop uit deur te wys dat hierdie uitdagings daarop gemik is om strategieë ten uitvoer te bring. Dit kan realiseer deur meer met minder te doen, maar sluit ook die bemagtiging van werknemers betreffende hulle eie taakuitvoering in.

'n Pragmatiese benadering word vervolgens gehandhaaf deurdat skrywer fokus op 'n empiriese ondersoek na gesprekforums, as een van die talle instrumente, waardeur werkerdeelname vergestalt word.

HOOFSTUK 3

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

1. INLEIDING

Die geldigheid en die betroubaarheid van 'n empiriese ondersoek is gesetel in die wetenskaplike verantwoordbaarheid waarmee 'n navorser omgaan.

In die beplanning en die uitvoering van 'n empiriese ondersoek lê ten grondslag, die toepassing van bepaalde wetenskaplike metodes waardeur die houdbaarheid van hipotese ondersoek en getoets word.

Gevolgtlik word die ondersoek aan die hand van die volgende uiteensetting (Vergelyk Huysamen 1976: 277 - 286 en Mouton et al 1990:33) uitgevoer:

- * identifisering van die probleem
- * omskrywing van die probleem
- * keuse van die toepaslike statistiese metode
- * uitvoering van 'n voorstudie en proefondersoek
- * uitvoering van die empiriese ondersoek en
- * ontleding van die empiriese data.

2 IDENTIFISERING VAN DIE PROBLEEM

Die aard en omvang van die paramilitêre karakter, struktuur en kultuur van die Suid-Afrikaanse Polisie plaas bepaalde beperkinge op die spontane deelname van sy werkers aan die proses van besluitneming.

Ten einde hierdie probleem te oorbrug, is deelnemende bestuur as beleid aanvaar. Gesprekforums is ongeveer twee jaar gelede in die lewe geroep as een van die instrumente in die bevordering van werkerdeelname.

Realisties is daar dan ook verwag dat bepaalde groeipunte in die vestiging van gesprekforums ondervind sal word, waardeur die aanvaarbaarheid asook die effektiwiteit noodwendig beïnvloed sou word.

Waar gesprekforums wisselende mate van sukses openbaar, het dit egter nodig geword om op 'n wetenskaplike wyse hierdie tekortkominge bloot te lê. Hierdeur kan strategieë en aksieplanne geformuleer word om sodoende gesprekforums se aanvaarbaarheid en effektiwiteit te verbeter.

Talle suksesse rakende werkerdeelname is nasionaal asook internasionaal aangeteken soos onder meer onderskryf deur Schutte (1992) in sy "PERSPECTIVES ON PARTICIPATIVE MANAGEMENT PROCESSES" en word werkerdeelname asook

gesprekforums, as instrument vir die bevordering daarvan, nie bevestigende nie.

3. OMSKRYWING VAN DIE PROBLEEM

Gegewe die wisselende mate van sukses rakende die funksionering van gesprekforums, is die probleem omskryf as:

"Die aanvaarbaarheid en die effektiwiteit van gesprekforums in die Suid-Afrikaanse Polisie"

4. KEUSE VAN DIE TOEPASLIKE STATISTIESE METODE

Bepalend in die aanwending van bepaalde statistiese metodes is:

- * die aard van die studie onderwerp
- * Die universum wat bestudeer word
- * die instrumente waarvolgens data ingesamel word
- * die gebruikers van die bevindinge en
- * die navorser.

4.1 DIE AARD VAN DIE STUDIE ONDERWERP

Waar die probleemstelling geleë is in die aanvaarbaarheid en effektiwiteit van gesprekforums, is die aard van die studie onderwerp oorwegend gerig op 'n

beskrywende eerder as die verklarende aard van gesprekforums.

4.2 DIE UNIVERSUM WAT BESTUDEER WORD

In die bepaling van die onderwerp wat bestudeer word, is doeltreffendheid asook effektiwiteit as bepaalde uitgangspunt geneem.

Die ideaal sou wees om alle werknemers van die Suid-Afrikaanse Polisie te betrek by hierdie studie. Vir die volgende redes is daarteen besluit:

- * die grootte van die mannekragskorps (\pm 110,000)
- * die geografiese verspreiding van werknemers binne Suid-Afrika
- * die verskeidenheid in die aard/funksies asook die tye wat hierdie werknemers diens verrig
- * die kostes (tyd, veldwerkers ens.) van sodanige omvangryke studie en
- * die beperkte omvang van hierdie studie.

Daar is gevolglik besluit dat die Noord-Transvaal Streek as die universum geneem word vir doeleindes van hierdie studie.

Gegewe die bepaalde bevindinge, bestaan die

moontlikheid om hierdie studie uit te brei na ander streke of die Suid-Afrikaanse Polisie in geheel.

4.3 DIE INSTRUMENT WAARVOLGENS DATA INGESAMEL WORD

Tydens hierdie studie is van vraelyste gebruik gemaak. Vraelyste, benewens die bepaalde voordele wat dit bied, is vir skrywer meer gepas by werkerdeelname. In besonder om werkers se mening betreffende die aanvaarbaarheid en effektiwiteit van gesprekforums te kan toets.

Verder is daarna gestreef om die vraelyste so op te stel dat die verwerking daarvan maklik is. Voldoende alternatiewe keuses op antwoorde is ook geskep ten einde die geldigheid en die betroubaarheid van die studie te verhoog (Vergelyk Cilliers 1960: 93 - 94).

In die samestelling van die vraelys is tred gehou met die algemene doestellings, (Vergelyk Nel et al 1988:232) ten einde die geldigheid en betroubaarheid van die studie te verhoog.

4.4 UITLEG VAN VRAELYS

4.4.1 BIOGRAFIESE PROFIEL (VRAAG 1.1 TOT 1.7)

Bogemelde vrae het ten doel die verkryging van persoonlike besonderhede van respondente om:

- * 'n biografiese profiel van die JA-RESPONS in die steekproef te bepaal
- * korrelasie d.m.v. 'n gestratifiseerde ewekansige steekproef te bemoontlik en
- * verdere navorsing te stimuleer.

4.4.2 STIGTING VAN GF'S (VRAAG 2)

Die oogmerke van hierdie vraag is tweeledig. Enersyds wil bepaal word of GF's gestig is. Indien JA, word die verdere vrae in die vraelys voltooi om die aanvaarbaarheid en die effektiwiteit van GF's te toets. Andersyds wil met 'n NEE-RESPONS die teikengroep bepaal word, in terme van kantoor asook diensjare-groep, waarby die resultate van hierdie ondersoek van toepassing gemaak kan word.

Uitbreiding op die redes vir 'n NEE-RESPONS is nie oorweeg nie, aangesien:

- * GF's in terme van "opdragte" deur lynbestuur gestig moes word
- * uit die voorondersoek reeds bepaal is dat sekere werknemers nog nooit van GF's gehoor het nie, teenoor sekere werknemers wat vrese vir moontlike viktimisasie, intimidasie en diskriminasie kan ondervind as gevolg waarvan 'n eerlike respons moeilik verkry sou kon word, en
- * die feit dat die teikengroep wel bepaal is en daardeur eerder die "bal as die man" gespeel word.

4.4.3 FUNKSIONERING VAN GF's

(a) ALGEMENE SIENING (VRAAG 3.1)

'n Algemene siening betreffende GF's wil bepaal word.

(b) GEREELDHEID VAN GF's (VRAAG 3.2)

Die riglyne dat GF's minstens maandeliks en maksimum kwartaalliks moet vergader, is neergelê. Voorsiening is egter ook vir ander alternatiewe response gemaak.

(c) VERGADERINGSWYSE (VRAAG 4,5 en 20)

Die keuse van vergaderingswyse word ampshalwe aan die bestuur van die onderskeie GF's oorgelaat. Enersyds, gegewe die paramilitêre karakter van die Suid-Afrikaanse Polisie, wil bepaal word hoe vergaderings tans plaasvind. Andersyds wil bepaal word wat die wense en begeerte van die werknemers is betreffende die vergaderingswyse.

As 'n kontrolevraag (vraag 20) wil bepaal word of die respons van vraag 5 versoenbaar is met die behoefte om meer informele skakeling met kollegas in die werkplek te bewerkstellig.

4.4.4 BESTUUR VAN GF'S

(a) AGENDA (VRAAG 6)

Die gereeldheid waarvolgens vergaderings volgens 'n voorafopgestelde agenda plaasvind, wil bepaal word aangesien die agenda immers die "padkaart" van 'n vergadering verteenwoordig.

(b) NOTULES (VRAAG 7)

Notules reflekteer die resultate van 'n vergadering en wil bepaal tot watter mate dit wel bygehou word.

(c) NOTULES, QUO VADIS (VRAAG 8)

Hierdie vraag is doelbewus ongestruktureerd ontwerp omdat pertinente opdragte bestaan om 'n opsomming aan bestuur deur te gee en nie notules opsigself nie.

Die redes vir die instelling van 'n opsomming is:

- * om moontlike vrese vir viktimisasie, intimidasie en diskriminasie te ontloot
- * sodat 'n persoon nie vanuit notules geïdentifiseer kan word
- * bestuur se selfstandige hantering van die saak of aangeleentheid eerder as die persoon (die spreekwoordelike speel van die bal eerder as die man) en
- * sodat notules as die "interne" aangeleenthede van die spesifieke GF beskou word.

(d) TERUGVOER (VRAAG 9 EN 9.1)

Enersyds wil bepaal word of GF's wel terugvoer verkry vanaf bestuur, en andersyds of die terugvoertyd bevredigend is.

(e) INDRUK VAN GF'S SE BESTUUR (VRAAG 10, 12, 13, 14, 15 EN 16)

Die bestuursselfstandigheid van GF's wil bepaal word deur response op die volgende te verkry, naamlik:

- * Vraag 10: bekwaamheid en vaardigheid van komiteelede in vergaderinsprosedures
- * Vraag 12: die wyse waarop die voorsitter aangestel word
- * Vraag 13: of rotasie van voorsitter wel geskied
- * Vraag 14 en 15: die bepaling van die aantal bestuurskomiteelede van GF's en die aard van hulle funksies op 'n ongestruktureerde grondslag en
- * Vraag 16: die mate waartoe werkkomitees selfstandig en onafhanklik beslag kry.

4.4.5 RANGVERTEENWOORDIGING

Die aanvanklike bedoeling was om die rangkoppeling van bepaalde GF's te koppel, ten einde bepaalde korrelasies in die verband te kan maak.

In die uitvoer van die proeflopie het dit geblyk dat GF's in die praktyk uit 'n verskeidenheid van range kan bestaan.

Gevolgtlik is die finale indeling suiwer drieledig gehou, naamlik offisiere, onderoffisiere en burgerlike werknemers.

4.4.6 KNELPUNTE EN PROBLEME (VRAAG 18)

In terme van 'n vyfpunt skaal wil bepaal word tot watter mate GF's bydra tot knelpunt- asook probleemvoorkoming, -identifisering en -oplossing.

4.4.7 BESTUURSKULTUUR VERSUS GF's

Gegewe die feit dat GF's binne 'n paramilitêre opset funksioneer, was dit belangrik (om direk asook indirek) te bepaal watter invloed dit op die aanvaarbaarheid asook die effektiwiteit van GF's het, naamlik:

- * Vraag 11: of senior offisiere insit tydens GF's
- * Vraag 19: of GF's, as werkswyse om by besluitneming betrek te word, beskou word
- * Vraag 21: wat die invloed van die militêre rangstruktuur op GF's is
- * Vraag 22: of werknemers die geleentheid kry om by besluitneming op die werksterrein betrokke te kan raak
- * Vraag 23: wat die bestuurstyl se invloed op sy werknemers is
- * Vraag 24: of GF's instrumenteel bydra tot kreatiewe denke
- * Vraag 25: of GF's spanwerk en spangees bevorder
- * Vraag 26: of bestuursondersteuning met GF's se bywoning verkry word
- * Vraag 27: of GF's die regte klimaat vir deelname skeep en
- * Vraag 28: wat die algemene gees van werknemers tydens vergaderings is.

4.4.8 BELANGRIKSTE OOGMERKE VAN GF'S (VRAAG 29 EN 30)

Enersyds wil bepaal word wat die drie belangrikste oogmerke van GF's op 'n ongestruktureerde grondslag is, en tot watter

mate dit andersyds wel bereik word.

4.4.9 STRUIKELBLOKKE

Voortvloeiend uit vraag 30, is dit dan belangrik om te bepaal watter hindernisse en/of struikelblokke in die weg lê in die funksionering van GF's.

Weer eens is respondente die geleentheid gebied om op 'n ongestruktureerde wyse, die drie belangrikste struikelblokke aan te toon.

4.4.10 VOORSTELLE

Getrou aan die beginsels van werkerdeelname, was dit dan ook nodig geag om geleentheid aan respondente te bied om kommentaar en/of voorstelle te kan lewer.

4.5 DIE GEBRUIKERS VAN DIE BEVINDINGE

Afgesien daarvan dat hierdie studie ter gedeeltelike voltooiing van die MBA-studierigting is, is 'n oorwegend pragmatiese benadering gevolg.

Enersyds is die bevindinge ter insae van topbestuur en

andersyds ter insae van die onderskeie gesprekforums (d.w.s. die werknemers).

Daar word aanvaar dat alle partye wat belang het by die studie, nie noodwendig goed onderlê is in statistiese metodes nie. Alle inligting sal derhalwe op 'n verbruikersvriendelike en corwegend grafiese wyse aangebied word.

4.6 DIE NAVORSER

Die navorser is 'n MBA-student en is werksaam by die Suid-Afrikaanse Polisie in die Direktoraat: Menslike Hulpbronbestuur.

Ter wille van onder meer standardisasie en eenvormigheid, sal slegs die skrywer as veldwerker optree in die insameling van die data.

5. UITVOERING VAN 'N VOORSTUDIE

'n Deeglike teoretiese fundering is uitgevoer ten opsigte van werkerdeelname soos aangedui in Hoofstuk 2.

* 'n deeglike bestudering van alle opdragte ("orders") waardeur die beleid asook prosedures van gesprekforums uiteengesit is

- * die bywoon van verskeie gesprekforums op 'n ewekansige grondslag
- * 'n deeglike bestudering van die administratiewe en operasionele werksywes wat met gesprekforums gevolg word en
- * gesprek met werknemers en kommiteede van gesprekforums.

'n Konsepvraelys is daarvolgens opgestel. Alhoewel oorwegend vir gestruktureerde vrae voorsiening gemaak is, is enkele ongestruktureerde asook bepaalde kontrolevrae in die vraelys ingebou.

'n Proefondersoek is uitgevoer waarna bepaalde leemtes en tekortkominge reggestel is en die finale vraelys sy beslag gekry het.

'n NEE-RESPONS is in die vraelys ingebou aangesien dit geblyk het dat gesprekforums nie oral bestaan het nie. Aangesien gesprekforums in terme van opdragte ("Orders") gevestig moes gewees het, is besef dat 'n eerlike en spontane respons moeiliker verkry sou kan word. Daar is gevolglik besluit om 'n gestratifiseerde ewekansige steekproef rakende diensjare asook kantoor te trek. Hierdeur kan die teikengroep bepaal word in terme waarvan gesprekforums nog gevestig behoort te word en kan die resultate van hierdie studie sinvol daarvoor gebruik word.

6. UITVOERING VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Met behulp van die STATISTICA-REKENAARPROGRAM is 'n 5% steekproefgrootte getrek waardeur ewekansige syfers vir elke stratifikasie gegenereer is.

Hierdie stel ewekansige syfers vir elke kombinasie is met sy ooreenstemmende populasie gekontroleer waarna die betrokke werknemers se persoonlike besonderhede getrek is.

Oor 'n periode van ongeveer vier maande waarin vraelyste voltooi en die nodige data ingesamel is en op 'n rekenaardatabasis ingesleutel. 'n Kontrolestelsel is ingebou waardeur fisiese toevoerfoute uitgeskakel is.

7. ONTLEDING VAN DIE EMPIRIESE DATA

7.1 AGTERGROND

Charnè Schoeman (Bsc Honneurs: Statistiek en Wiskunde) van die Bestuursinligtingsentrum was behulpsaam met die statistiese verwerking van hierdie data.

Daar is ruim gebruik gemaak van grafiese voorstellings. Die gemiddelde standaardafwyking asook variansie waardeur verdere en toekomstige navorsing vergemaklik word, is ook aangedui.

Ter wille van kontrole asook om moontlike verdere verwerkinge te kan doen wat buite die bestek van hierdie studie gesetel is, is die rou data as bylaag ingebind.

7.2 ALGEMENE WAARNEMINGS

Vraelyste is persoonlik deur skrywer afgeneem en 'n respons van 94,44% is op die steekproef aangeteken.

Alle werknemers is nie bereik nie hoofsaaklik as gevolg van:

- * werknemers is ondertussen verplaas
- * werknemers het ondertussen bedank
- * werknemers is ondertussen oorlede
- * bepaalde afgedeelde diens wat werknemers vir die onmiddellike, onbereikbaar maak en
- * foutiewe besonderhede van werknemers op die hoofraam van die rekenaar.

Alhoewel respondente positief was, is gevind dat hulle vraelystamheid openbaar het. Dit blyk dat hierdie Streek vanweë die lokaliteit daarvan, dikwels by ondersoeke en navorsing betrek word. Die gevolg hiervan is dat die betroubaarheid asook die geldigheid van data moontlik in gedrang kan kom.

In die aanloop tot voltooiing van die vraelyste het gesprek-forums soms verwarrend voorgekom. Daar is verskeie ander gespreksforums wat bestaan (byvoorbeeld gemeenskaps gespreksforums) wat moontlik hierdie verwarring kon meebring. Voordat vraelyste afgeneem is, is respondente egter pertinent daarop gewys dat gespreksforums die interne werknemergesprekforum van die Suid-Afrikaanse Polisie is.

7.3 AFKORTINGS GEBRUIK

GF's	=	gespreksforums
SK	=	Streekkantoor: Noord-Transvaal
DK 1	=	Distrik: Pretoria
DK 2	=	Distrik: Pretoria-Noord
DK 3	=	Distrik: Pretoria-Moot
DK 4	=	Distrik: Verwoerdburg
GEM	=	Gemiddeld
SA	=	Standaardafwyking
VAR	=	Variansie
SIG POL	=	Sigbare Polisiëring
AGV	=	Afdeling Gemeenskapsverhoudinge
OND	=	Ondersteuningsdienste uitgesonder MHB
MHB	=	Menslike Hulpbronbestuur
MBO	=	Misdaadbestryding en -ondersoek en
ABS	=	Afdeling Binnelandse Stabiliteit.

7.4 DIE ALGEMENE RESPONS

Uit die totale steekproef is 'n 94,44% respons verkry.

Ten opsigte van die bestaan van gesprekforums is 'n 50,7% JA-RESPONS teenoor 'n 49,3% NEE-RESPONS verkry.

Deurdat 'n gestratifiseerde, ewekansige steekproef rakende lokaliteit asook diensjare getrek is, vertoon die teikengroep van die NEE-RESPONS as volg:

DIAGRAM 3.1 : DIE LOKALITEIT VAN DIE NEE-RESPONS

LOKALITEIT	% NEE RESPONS
SK	61
DK 1	53
DK 2	49
DK 3	51
DK 4	11

DIAGRAM 3.2 : DIE DIENSJAREGROEP VAN DIE NEE-RESPONS

DIENSJARE GROEP	% NEE RESPONS
TOT 10 JAAR DIENS	47
10+ TOT 20 JAAR DIENS	52
20+ JAAR DIENS	60


7.5 DIE BIOGRAFIESE PROFIEL VAN DIE RESPONDENTE

Alhoewel die biografiese data nie ewekansig bepaal is en bepaalde korrelasies nie daarvolgens getrek kan word nie, blyk dit eweneens van belang te wees.

Die biografiese profiel is slegs vir die JA-RESPONS bepaal. Die biografiese profiel vir die NEE-RESPONS is nie bepaal nie vanweë:

- * die sensitiwiteit daarvan, veral ten opsigte van moontlike vrese vir viktimisasie asook intimidasie;
- * die feit dat die teikengroep van die NEE-RESPONS reeds deur middel van lokaliteit en diensjare bepaal is;
- * die nie-verteenwoordigende aard daarvan en
- * die bevindinge en aanbevelings van die JA-RESPONS eerder op die teikengroep van die NEE-RESPONS toegepas kan word, daar die NEE-RESPONS oorwegend nie kennis van gesprekforums dra nie.


DIAGRAM 3.3 : BIOGRAFIESE PROFIEL - GESLAG



GESLAG	% MANLIK	% VROULIK
SK	86,7	13,3
DK 1	78,5	21,5
DK 2	64,9	35,1
DK 3	70,0	30,0
DK 4	70,8	29,2

Uit die aard van die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Polisie is verwag dat daar meer manlike kollegas sal wees.


DIAGRAM 3.4 : BIOGRAFIESE PROFIEL - BEVOLKING



BEVOLKING	% W	% S	% A
SK	93,3	6,7	-
DK 1	61,5	38,5	-
DK 2	73,0	27,0	-
DK 3	70,0	30,0	-
DK 4	66,7	25,0	8,3

Die Suid-Afrikaanse Polisie het die beleid van gemeenskaps-polisiëring (uit die gemeenskap vir die gemeenskap) aanvaar en is die Asiërs oorwegend geleë in DK 4.


DIAGRAM 3.5 : BIOGRAFIESE PROFIEL - AFDELING



AFDELING	% SIG POL	% AGV	% OND	% MHB	% MBO	% ABS
SK	40,0	-	-	6,7	46,7	6,6
DK 1	64,6	3,1	4,6	4,6	10,8	12,3
DK 2	59,5	5,4	5,4	8,1	16,2	5,4
DK 3	62,5	7,5	17,5	2,5	7,5	2,5
DK 4	83,3	-	-	4,2	8,3	4,2

Die oorwegende mannekragskorps bestaan uit SIG POL, dit wil sê die " BOBBY ON THE BEAT", terwyl MBO by SK 46,7% vertoon as gevolg van die gespesialiseerde eenhede wat direk onder die Streekkantoor gesetel is.


DIAGRAM 3.6 : BIOGRAFIESE PROFIEL - TAALGROEPERINGE



TAAL	% AFR	% ENG	% ANDER
SK	93,7	6,3	-
DK 1	64,7	21,5	13,8
DK 2	75,7	16,2	8,1
DK 3	70,0	17,5	12,5
DK 4	62,5	33,3	4,2

Die indruk word geskep dat respondente veral in hulle moedertaal mee gekommunikeer wil word. Die vraelyste het egter net in Afrikaans en Engels voorgekom.


DIAGRAM 3.7 : BIOGRAFIESE PROFIEL - OPVOEDINGSPEIL



OPVOEDINGSPEIL	% TOT ST 10	% GEGRADUEERD	% NA-GRAADS
SK	66,7	26,6	6,7
DK 1	86,2	7,6	6,2
DK 2	83,8	8,1	8,1
DK 3	82,5	10,0	7,5
DK 4	75,0	25,0	-

Oorwegend beskik respondente oor 'n standaard tien opvoedingspeil.


DIAGRAM 3.8 : BIOGRAFIESE PROFIEL - DIENSJARE



DIENSJARE	% TOT 10	% 10+ TOT 20	% 20+
SK	60,0	26,7	13,3
DK 1	73,8	15,4	10,8
DK 2	67,6	27,0	5,4
DK 3	70,0	17,5	12,5
DK 4	87,5	12,5	-

Die respondente blyk oorwegend in die kategorie " tot 10 jaar diens" te wees.

DIAGRAM 3.9 : BIOGRAFIESE PROFIEL - LOKALITEIT




Interessante hipotese formulering kan uit hierdie biografiese data geïnisieer word. As voorbeeld kan die aanvaarbaarheid en effektiwiteit van gesprekforums gekorreleer word met die siening van vroulike teenoor manlike werknemers.

Graag beklemtoon skrywer die nie-vertegenwoordigende aard van die biografiese profiel as gevolg waarvan korrelasies nie gemaak kan word nie.

7.6 BEVINDINGE VAN DIE JA - RESPONS


DIAGRAM 3.10 : HOE FUNKSIONEER GF'S (VRAAG 3.1)



FUNKSIONEER	% GOED	% BEVREDIGEND	% SWAK
SK	60,0	26,7	13,3
DK 1	30,8	36,9	32,3
DK 2	37,8	37,8	24,4
DK 3	40,0	30,0	30,0
DK 4	37,5	45,8	16,7

Slegs 'n besliste 37,6% is globaal van mening dat gesprekforums goed funksioneer. Met die uitsondering van die Streekkantoor vertoon die ander lokaliteite die standpunt dat gesprekforums bevredigend tot swak funksioneer.


DIAGRAM 3.11 : HOE GEREELD VIND GF'S PLAAS? (VRAAG 3.2)



GEREELDHEID	% ELKE MAAND	% ELKE KWARTAAL	% ELKE JAAR	% ANDER
SK	73,3	20,0	-	6,7
DK 1	77,0	13,8	4,6	4,6
DK 2	89,2	2,7	2,7	5,4
DK 3	75,0	22,5	2,5	-
DK 4	70,9	8,3	12,5	8,3

Vergaderings word oorwegend maandeliks (77,9%) gehou. 'n Beduidende hoeveelheid (SK : 20% en DK 3 : 22,5%) hou kwartaalliks vergadering, terwyl in die geval van die DK 4 : 12,5%. 'n Beduidende hoeveelheid hou selfs jaarliks vergadering. Die "ANDER" dui op GF's wat sporadies gehou word.


DIAGRAM 3.12: VERGADERINGSWYSE (VRAAG 4)



VERGADERINGS- WYSE	% FORMEEL	% FORMEEL/ INFORMEEL	% INFORMEEL
SK	26,7	20,0	53,3
DK 1	49,2	20,0	30,8
DK 2	24,3	46,0	29,7
DK 3	32,5	12,5	55,0
DK 4	41,7	33,3	25,0

Geen besliste wyse van vergadering word vir die totale respondente vertoon nie. 'n Opmerklike hoë persentasie GF's SK : 53,3% en DK 3 : 55% vir die hou van informele GF's word vertoon teenoor DK 1 : 49,2% en DK 4 : 41,7% wat oorwegend formele GF's hou.


DIAGRAM 3.13 : VOORKEUR VIR VERGADERINGSWYSE (VRAAG 5)



VOORKEUR: VERGADERINGSWYSE	% FORMEEL	% FORMEEL/ INFORMEEL	% INFORMEEL
SK	20,0	66,7	13,3
DK 1	46,1	47,7	6,2
DK 2	24,3	62,2	13,5
DK 3	40,0	40,0	20,0
DK 4	45,8	50,0	4,2

Oorwegend blyk die respondente 'n voorkeur te hê om vergaderings soms formeel en soms informeel te hou.


DIAGRAM 3.14 : VERGADERING VOLGENS AGENDA (VRAAG 6)



VERGADERING VOLGENS AGENDA	% JA	% SOMS	% NOOIT
SK	66,7	20,0	13,3
DK 1	49,2	35,4	15,4
DK 2	62,2	18,9	18,9
DK 3	52,2	42,5	5,0
DK 4	50,0	37,5	12,5

Vergaderings vind oorwegend plaas (54,1%) aan die hand van 'n voorafopgestelde agenda teenoor 13.3% waar dit nooit daarvolgens geskied nie.


DIAGRAM 3.15 : WORD NOTULES BYGEHOU? (VRAAG 7)



NOTULES BYGEHOU	% JA	% SOMS	% NEE
SK	73,3	20,0	6,7
DK 1	73,8	18,5	7,7
DK 2	75,7	18,9	5,4
DK 3	77,5	17,5	5,0
DK 4	83,3	16,7	-

Oorwegend (76,2%) word notules van GF's bygehou, terwyl by uitsondering (5,5%) nooit notules van GF's bygehou word nie.


DIAGRAM 3.16 : WAT WORD MET NOTULES GEDOEN? (VRAAG 8)



WAARHEEN MET NOTULES	% DEURGEE	% GEEN RESPONS
SK	80,0	20,0
DK 1	49,2	50,8
DK 2	86,5	13,5
DK 3	47,5	52,5
DK 4	91,7	8,3

Hierdie vraag is spesifiek ongestruktureerd geformuleer deurdat daar spesifieke opdragte is dat slegs 'n opsomming na hoër gesag deurgestuur moet word. Oorwegend (64,6%) is respondente van mening dat notules na hoër gesag gestuur moet word.


DIAGRAM 3.17 : WORD TERUGVOER VERKRY? (VRAAG 9)



TERUGVOER VERKRY	% JA	% NEE
SK	73,3	26,7
DK 1	63,1	36,9
DK 2	86,5	13,5
DK 3	70,0	30,0
DK 4	54,2	45,8

Oorwegend (69.1%) word terugvoer wel verkry teenoor 30,9% wat nooit terugvoer verkry nie.


DIAGRM 3.18 : TERUGVOERTYDPERKE (VRAAG 9.1)



TERUGVOER- TYDPERKE	% BEVREDIGEND	% ONBEVREDIGEND
SK	66,7	33,3
DK 1	46,2	53,8
DK 2	73,0	27,0
DK 3	52,5	47,5
DK 4	41,7	58,3

45,9% respondente is van oordeel dat die terugvoertydperke onbevredigend is. In gedagte moet gehou word dat 30,9% geen terugvoer (Diagram 3.17) verkry nie. Derhalwe is slegs 15% van die GF's wat wel terugvoer kry, se terugvoer onbevredigend.


DIAGRAM 3.19: BESTUURSWAARDIGHEDE VAN KOMITEELEDE (VRAAG 10)



BESTUURSWAARDIGHEDE	% GOED	% BEVREDIGEND	% SWAK
SK	46,7	40,0	13,3
DK 1	32,3	43,1	24,6
DK 2	43,3	48,6	8,1
DK 3	37,5	45,0	17,5
DK 4	33,3	54,2	12,5

Oorwegend beskou respondente die bestuursvaardighede van komiteelede van bevredigend (45,9%) tot swak (17,1%).


DIAGRAM 3.20 : INSIT BY GF'S DEUR SENIOR OFFISIER (VRAAG 11)



INSIT BY GF'S DEUR SNR. OFF.	% JA	% NEE
SK	40,0	60,0
DK 1	41,5	58,5
DK 2	62,2	37,8
DK 3	47,5	52,5
DK 4	50,0	50,0

Slegs in 51.9% sit 'n senior offisier nie in tydens die hou van gesprekforum vergaderings nie.


DIAGRAM 3.21 : AANDUI VAN VOORSITTER (VRAAG 12)



AANDUI VAN VOORSITTER	% VERKIES	% AANGEWYS
SK	66,7	33,3
DK 1	61,5	38,5
DK 2	62,2	37,8
DK 3	57,5	42,5
DK 4	66,7	33,3

Oorwegend (61.9%) word die voorsitter vir die onderskeie GF's verkies teenoor 38,1% waar die voorsitter aangewys word.


DIAGRAM 3.22 : ROTASIE VAN VOORSITTERS (VRAAG 13)



ROTASIE VAN VOORSITTER	% JA	% NEE
SK	53,3	46,7
DK 1	40,0	60,0
DK 2	45,9	54,1
DK 3	47,5	52,5
DK 4	16,7	83,3

Oorwegend (59,1%) word voorsitters nie geroteer nie. In die geval van DK 1 : 60% en DK 4 : 83,3% vind daar selde 'n rotasie van voorsitters plaas.


DIAGRAM 3.23 : KENNIS VAN DIE BESTUUR (VRAAG 14 & 15)



KENNIS VAN GF'S SE BESTUUR	% WEET	% WEET NIE
SK	20,0	80,0
DK 1	15,4	84,6
DK 2	21,6	78,4
DK 3	7,5	92,5
DK 4	20,8	79,2

Slegs in 16,0% weet die werknemers uit hoeveel lede die bestuur van die GF's bestaan en wat die aard van hulle onderskeie funksies is teenoor 84,0% wat totaal onkundig daarvoor is.


DIAGRAM 3.24 : WERKKOMITEES SAMESTELLING (VRAAG 16)



WERKKOMITEE SAAMSTEL	% JA	% SOMS	% NOOIT
SK	26,7	20,0	53,3
DK 1	18,5	40,0	41,5
DK 2	21,6	24,3	54,1
DK 3	17,5	27,5	55,0
DK 4	16,7	29,2	54,2

Oorwiegend word werkkomitees, Soms: 30,9% tot Nooit: 49,7%, nie saamgestel nie.


DIAGRAM 3.25 : RANGE VERTEENWOORDIG (VRAAG 17)



RANG VERTEENWOORDIG	% ONDER OFFISIERE	% OFFISIERE	% BURGERLIKES
SK	33,3	40,0	26,7
DK 1	73,8	16,9	9,2
DK 2	75,7	10,8	13,5
DK 3	80,8	15,0	5,0
DK 4	70,8	16,7	12,5

In die trek van die gestratifiseerde, ewekansige steekproef, is voorsiening gemaak dat lokaliteit asook die drie ranggroeperinge verteenwoordigend getrek is om 'n gebalanseerde siening te verkry.


DIAGRAM 3.26 : VOORKOM VAN PROBLEME (VRAAG 18.1)



VOORKOMING VAN PROBLEME	BESLIS	JA IN 'N MATE	SOMS	NIE EINTLIK	NOOIT
SK	7	3	3	1	1
DK 1	11	21	12	16	5
DK 2	6	15	9	4	3
DK 3	4	15	7	7	7
DK 4	4	11	3	2	4

Slegs 18% van die respondente het 'n besliste JA-RESPONS weergegee as aanduiding dat GF's 'n bydrae gelewer het om probleme en knelpunte te voorkom.


DIAGRAM 3.27 : IDENTIFISERING VAN PROBLEME (VRAAG 18.2)



PROBLEME IDENTIFISEER	JA	JA IN 'N MATE	SOMS	NIE EINTLIK	NEE
SK	10	3	2	-	-
DK 1	23	21	11	6	4
DK 2	10	21	3	1	2
DK 3	4	15	7	7	7
DK 4	8	10	2	-	4

GF's toon 'n besliste bydrae (72%) waardeur probleme en knelpunte geidentifiseer word d.w.s. JA : in 'n mate (40%) en JA: beslis (31%)


DIAGRAM 3.28 : OPLOS VAN PROBLEME (VRAAG 18.3)



OPLOS VAN PROBLEME	JA	JA IN 'N MATE	SOMS	NIE EINTLIK	NEE
SK	7	4	3	-	1
DK 1	10	21	14	14	6
DK 2	8	14	10	3	2
DK 3	5	13	8	7	7
DK 4	3	10	2	6	3

Ongeveer 53%, d.w.s. JA: IN 'N MATE (34%) en JA: BESLIS (19%) is oortuig dat GF's 'n bydrae lewer om probleme en knelpunte op te los.


DIAGRAM 3.29 : BETREK BY BESLUITNEMING (VRAAG 19)



BETREK BY BESLUITNEMING	JA	JA IN 'N MATE	SCMS	NIE EINTLIK	NEE
SK	9	3	1	1	1
DK 1	30	14	8	10	3
DK 2	18	10	5	2	2
DK 3	9	15	6	6	4
DK 4	5	10	3	5	1

Oorwegend (69,0%) JA: IN 'N MATE (29%) en JA:BESLIS (40%) beskou GF's as 'n werkswyse om by besluitneming betrek te word.


DIAGRAM 3.30 : BEHOEFTE AAN INFORMELE SKAKELING (VRAAG 20)



BEHOEFTE AAN INFORMEEL SKAKEL	JA	JA IN 'N MATE	SOMS	NIE EINTLIK	NEE
SK	8	4	-	2	1
DK 1	23	20	11	8	3
DK 2	22	3	8	2	2
DK 3	18	15	4	2	1
DK 4	14	4	3	1	2

Die neiging, JA: IN 'N MATE (26%) en JA: BESLIS (46%), dui op 'n definitiewe behoefte om meer informeel met kollegas in die werksituasie te skakel.


DIAGRAM 3.31 : MILITÊRE STRUKTUUR BEPERKINGS (VRAAG 21)



BEPERKING DEUR MILITÊRE STRUKTUUR	JA	JA IN 'N MATE	SOMS	NIE EINTLIK	NEE
SK	4	4	1	3	3
DK 1	22	11	12	12	8
DK 2	8	4	6	10	9
DK 3	8	7	5	13	7
DK 4	7	-	5	7	5

Response vertoon 'n redelike verspreiding waardeur uiteenlopende menings bestaan oor die beperkinge wat die militêre rangstruktuur op die funksionering van GF's het. Uit die aard van die bevelstruktuur van die onderskeie kantore, sal die respons noodwendig uniek vertoon.


DIAGRAM 3.32 : BETREK BY BESLUITNEMING (VRAAG 22)



BETREK BY BESLUITNEMING	JA	JA IN 'N MATE	SOMS	NIE EINTLIK	NEE
SK	8	2	3	1	1
DK 1	16	12	9	16	12
DK 2	13	8	7	6	2
DK 3	6	16	6	4	8
DK 4	5	8	5	2	4

Die algehele neiging blyk te wees dat werknemers voel hulle kry die geleentheid om deel te neem aan besluitneming op die werksterrein. Die mate waartoe die onderskeie kantoor egter sy werknemers betrek, sal noodwendig verskil.


DIAGRAM 3.33 : BESTUURSTYL: MENSGERIG (VRAAG 23)



BESTUURSTYL MENSGERIG	JA	JA IN 'N MATE	SOMS	NIE EINTLIK	NEE
SK	5	4	3	2	1
DK 1	13	10	16	16	10
DK 2	9	14	6	6	2
DK 3	9	12	8	5	6
DK 4	1	4	4	11	4

Uiteenlopende response is onafwendbaar deurdat die onderskeie kantore se bestuurstyle noodwendig kan verskil. Die werklike hartsgevoel en belewenis van werknemers sal waarskynlik 'n groter, as aangetoonde, NEE vertoon wat kenmerkend van navorsing van hierdie aard is.


DIAGRAM 3.34 : STIMULEER KREATIEWE DENKE (VRAAG 24)



STIMULEER KREATIWITEIT	JA	JA IN 'N MATE	SOMS	NIE EINTLIK	NEE
SK	7	5	-	1	2
DK 1	19	22	18	5	1
DK 2	13	12	6	2	4
DK 3	9	14	10	7	-
DK 4	5	9	8	1	1

Die verspreidingskurwe vertoon die mening dat GF's oorwegend 'n positiewe bydrae tot die stimulering van kreatiewe denke lewer.


DIAGRAM 3.35 : BEVORDER SPANGEEES (VRAAG 25)



